

3. SEP. 1938

'n EKONOMIESE ONDERSOEK  
van die  
SULTANA ROSYNTJIE BOERDERY  
te  
ROBERTSON,  
1934 - 1935.



---

J. C. Erasmus

I N D E L I N G.

INLEIDING.	Bls. 1 - 3.
DOEL VAN STUDIE.	" 3 - 4.
METODE VAN ONDERSOEK.	" 4.
BESKRYWING VAN STREEK:	" 4 - 8.
(a) Natuurlike Voorwaardes.	
(1) Grondsoorte.	
(2) Topografie.	
(3) Watervoorsiening.	
(4) Reënval.	
(b) Ekonomiese Voorwaardes.	
(1) Ligging.	
(2) Afsetgebiede.	
(c) Biologiese Voorwaardes.	
IN HOEVERRE WAS DIT 'N NORMALE JAAR?	Bls. 8 - 12.
(1) Reënval.	
(2) Opbrengs.	
(3) Pryse van Mos, Rosyntjies, en Sultana Rosyntjies.	
BOERDERY ORGANISASIE.	Bls. 12 - 20.
Grootte van Plaas.	
Gebruik van Grond.	
Aantal Diereenhede.	
Kapitaal.	
Verdeling van Kapitaal.	
Vasgoed Kapitaal.	
Belegging in Losgoed.	
Lewende Hawe.	
BOERDERY INKOMSTE EN BOERDERY UITGAWE.	Bls. 20 - 27.
Ontvangste.	
Skommeling in Ontvangste.	
Bronne van Inkomste.	
Uitgawe.	
BOERDERY INKOMSTE.	Bls. 27 - 28.
ONDERNEMERSLOON.	" 28 - 29.
BEDRYFSWINS.	" 30 - 31.
MEET VAN DOELTREFFENDHEID.	" 31 - 32.
(a) Inkomste per £100 belê.	
(b) Kapitaal Omset.	
FINANSIËLE OPSOMMING.	Bls. 33.

PRODUKSIE KOSTE.	Bls. 34 - 43.
Uitgawes.	
Ontvangste.	
FAKTORE WAT WINSGEWENDHEID BEINVLOED.	Bls. 43 - 61.
(1) Grootte van Boerdery Organisasie.	
(a) Besproeibare Grond.	
(b) Draende Wingerdstokke.	
(c) Draende Sultana Wingerdstokke.	
(2) Kapitaalbelegging.	
(3) Kapitaal Omset.	
(4) Arbeidskoste.	
(a) Arbeid as Persentasie van Totale Uitgawes.	
(b) Arbeid as Persentasie van Totale Ontvangste.	
(5) Produktiwiteit van Sultana Wingerde.	
(6) Invloed van Koöperasie.	
VERGELYKING VAN DIE 5 BESTE SULTANA PLASE WAT DIE BESTE RESULTATE LEWER MET DIE 5 SWAKSTE.	Bls. 61 - 63.
VERGELYKING VAN DIE FAKTORE WAT DIE SULTANA BEDRYF BEINVLOED OP FIE 5 BESTE ONGESWAELE SULTANA PLASE MET DIE 5 BESTE GESWAELE SULTANA PLASE.	Bls. 63 - 64.
OPSOMMING EN SLOT.	Bls. 64 - 70.

---

I N L E I D I N G.

Die maak van Sultana-rosyntjies is alleen beperk tot 'n paar streke in die Unie van Suid-Afrika o.a. Robertson, Worcester en Montagu, wat die vernaamste is in die Westelike en Suidwestelike distrikte van Kaapland. Sultana-boerdery is ook later jare op intensiewe skaal voortgesit langs die Grootrivier en wel by Kakamas, Kenhardt en Gordonia. Robertson is egter die streek wat die meeste Sultana rosyntjies produseer, en derhalwe is die streek gekies om 'n studie te maak van die Sultana bedryf. In hierdie distrik maak dit 'n belangrike bedryfstak van die landbou uit, nie alleen wat produksie en waarde betref nie; maar dit verskaf ook 'n lewensbestaan aan baie families.

Daar is al baie geskryf oor die tegniese sy betreffende die maak van goeie Sultana rosyntjies en oor die grond en klimaatsvereistes; maar daar is nog nie 'n studie gemaak oor die rol wat Sultana rosyntjies speel in die boerdery-organisasie as 'n geheel nie. In 1933 is 'n komitee, bestaande uit vooraanstaande Sultana-boere, deur die "Robertson Boere <sup>Vereniging</sup> ~~Assosiasie~~ benoem, om 'n produksie koste studie van Sultana-rosyntjies in Robertson te maak. So 'n produksie koste studie is belangrik; maar dit bring nie die werklike belangrikheid van so 'n tak in die organisasie van die boerdery uit nie.

Die ontwikkeling van die tak van die boerdery word bepaal deur natuurlike, ekonomiese en biologiese faktore. Onder die natuurlike faktore is dit veral die grond en klimaat wat groot invloed mag uitoefen.

Vir die produksie van Sultana-rosyntjies word 'n warm somer vereis; nogtans moet die intensiteit van die sonstrale nie te skerp wees nie; want dan mag dit die wingerd skroei en selfs die vrug benadeel. Verder word 'n koue winter vereis met voldoende reënval. Waar die reënval nie voldoende is nie, moet dit kan aangevul word deur besproeiingswater. Gedurende die somer moet daar nie oortollige reën val nie en veral gedurende die maak-periode is die afwesigheid van reën noodsaaklik, indien 'n eersteklas produk gemaak <sup>moet</sup> ~~wil~~ word.

Die grond moet van die regte gehalte wees. Oor die

algemeen is die gronde in Robertson, waar Sultanas op verbou word, baie vrugbaar. Dit is 'n soort kalkerige karo-grond wat uitstekende Sultana druiwe gee, sodat 'n goeie klas rosyntjie daarvan gemaak kan word.

Nadat die Sultana rosyntjie ~~af~~ geproduseer is, speel die ekonomiese faktore nie meer so 'n belangrike rol nie. Dit is 'n produk wat nie maklik bederfbaar is nie, dit kan dus oor lang periodes gestoor word; daarby staan dit vervoer baie goed. Afstand van die mark word dus nie hier baie ag op geslaan nie.

Die biologiese faktore tree die laaste paar jaar taamlik op die voorgrond. Swartroes is 'n siekte verskynsel wat in die wingerde van die Robertsonse boere tevoorskyn getree het, en omrede die Sultana druifstokke baie vatbaar is hiervoor, word hulle ook die meeste affekteer. Dit affekteer veral die kwantiteit en die kwaliteit druiwe; sodat baie groot oeste nie kan verwag word nie; daarby is die kwaliteit ook swakker. Die siekte kan egter beheer word, dog dit vereis ekstra uitgawes.

Die Suid Westelike Distrikte voldoen die beste aan die bogemelde vereistes en dit is daarom dat Sultana produksie meer bepaal is tot die streek en wel in die distrikte Worcester, Robertson, Montagu en Oudtshoorn. In bygaande kaart word die produksie streke aangewys.



(3).

Die produksie van Sultana-rosyntjies hang nou saam met die weerstoestande gedurende die maak-periode. As dit dan baie reën, dan word min Sultana-rosyntjies gemaak, en word meeste van die druiwe gepars of in die vorm van varsdruiwe van die hand gesit.

'n Ander faktor wat ook invloed op die produksie uitoefen is mospryse. As mospryse die jaar hoog is, dan kan verwag word dat daar nie baie Sultana-rosyntjies sal gemaak word nie. Dit wil egter nie sê dat die produksie van Sultana-rosyntjies sal styg en daal saam met 'n daling of styging van mospryse nie, afgesien van die weersomstandighede. Veronderstel ons het 'n ideale seisoen vir die maak van rosyntjies en mospryse is vir die betrokke jaar laer <sup>as</sup> dan wat dit die vorige jaar was en Sultana-rosyntjie pryse bly dieselfde, dan mag dit wees, dat die Sultana-rosyntjie produksie nie toegeneem het nie. Al verklaring is dat nieteenstaande mospryse gedaal het, bied daardie prys nog 'n voordeliger inkomste dan die bestaande Sultana-rosyntjie pryse.

Omrede die afset van Sultana-rosyntjies op die Suid-Afrikaanse mark baie klein is, en dat daar nie 'n groot uitbreiding in hierdie opsig in die nabye toekoms verwag word nie, is die hele produksie van hierdie produk op die buitelandse mark gemik. Die uitvoer van Sultana-rosyntjies het tragsgewyse uitgebrei en vandag word omtrent 80% hiervan uitgevoer. Beide geswaelde en ongeswaelde Sultana-rosyntjies word uitgevoer. Die vraag na die twee verskil van jaar tot jaar. Sommige jare is daar 'n groter vraag na geswaelde Sultana-rosyntjies en ander jare weer is daar groter afsetsmoontlikhede vir ongeswaelde Sultana-rosyntjies.

---

#### DOEL VAN STUDIE.

Die maak van Sultana-rosyntjies in die Robertsonse distrik is een van die takke van die boerdery wat daar die meeste aandag vereis. Dit is ook die tak van boerdery wat een van die vernaamste bronne van inkomste gee. Dit is heel duidelik dat daar soms groot verskille mag wees wat die finansieële resultate van elke afsonderlike boerdery betref, nieteenstaande die feit dat dit onder dieselfde natuurlike, ekonomiese en biologiese toestande geproduseer

Die doel van hierdie studie is, ~~dan ook daarop gemik~~, om eerstens vas te stel watter rol die Sultana-rosyntjie-nywerheid in die plaasorganisasie speel en in die tweede plek watter faktore verantwoordelik is vir die verskille in die finansieële resultate.

---

#### METODE VAN ONDERSOEK.

Die metode wat gevolg is by die versameling van die gegewens, is bekend as die Plaasbestuurs-opname (Farm Survey Method). Verskeie Sultana-boerderye is in die Robertson area gedurende Januarie 1936 besoek. Van die boere is inligting verkry omtrent hulle plaasbesighede vir die periode 1 Mei 1934 - 30 April 1935.

Sommige boere hou boek en was hulle instaat om die verlangde informasie baie noukeurig te gee. Die meerderheid teken alleen die vernaamste inkomste en uitgawes aan, of hulle maak skattings. Die meeste onthou egter goed wat hulle opbrengste, inkomste en uitgawes gedurende die jaar was, en met 'n duidelike stelling van vrae is die informasie wat verkry was, akkuraat en betroubaar.

---

#### BESKRYWING VAN DIE STREEK.

##### (a) NATUURLIKE VOORWAARDES:

(1) Grondsoorte. Vir die verkry van voordelige oeste, is grond ongetwyfeld een van die vernaamste faktore.

In die Robertsonse distrik tref ons verskeie tipes van gronde aan, wat dit dan moontlik maak, om 'n groot verskeidenheid van gewasse te kweek. 'n Taamlike verskeidenheid van grondtekstuur word aangetref, afhangende van die verskillende grondlae wat deur die distrik loop.

Oor die algemeen is die grootste gedeelte van die gronde van 'n fyn tekstuur wat afkomstig is van die Malmesbury bedding wat daar deurloop. Dit is van die beste gronde, omdat dit in die reël kalkerig is en uitstekend is vir die produksie van rosyntjies. Die tiepe van grond is onder die boere bekend as „rooi kalkerige Karo“.

'n Tweede tiepe van goeie Sultana-grond is die alluwiale

karo, wat effens met sand gemeng is; dis 'n baie vrugbare grond en bewerking is nie so moeilik nie. Oor die algemeen kan gesê word dat die Robertson gronde baie vrugbaar en geskik vir Sultana produksie is.

(2) Topografie. Die bewerkte gronde is gelyk met 'n egalige val na een of ander rigting, waardeur besproeiing vergemaklik word. Waar die grond nie gelyk is nie, moet hoë uitgawes gemaak word om dit gelyk te kry en alleen gewasse soos wingerde, wat produkte van hoë waarde lewer, kan hierop lonend wees.

(3) Watervoorsiening. Die jaarlikse reënval is nie voldoende, om 'n wingerdoes tot rypheid te bring nie en moet aangevul word deur besproeiing. Die Breë-rivier kanaal, is al op verskeie plekke getap, dog die meeste boere kry hulle water uit die Brandvleidam. Sonder besproeiing is wingerdboerdery nie moontlik nie en vandaar dat waardes van besproeiing grond soveel hoër is as die van droë grond.

(4) Reënval. Die normale jaarlikse reënval is ongeveer 12 duim waarvan die meeste gedurende die wintermaande val. Soos uit Tabel I blyk, val 63% gedurende die wintermaande (April - September) en 37% gedurende die somermaande (Oktober - Maart). Wat die reënval in die jaar 1934-35 betref, was dit 17.50 duim, waarvan 54.4% in die winter en 45.6% in die somer geval het.

TABEL I. (1)

REËNVAL VIR DIE JAAR MEI 1934 - APRIL 1935 EN DIE NORMALE TE ROBERTSON.

Maand.	Reënval Mei 1934 - April 1935.	Normale Reënval.
	duim	duim
Mei	.73	1.34
Junie	.96	1.43
Julie	1.55	1.37
Augustus	2.71	1.24
September	1.74	1.27
Oktober	2.61	1.03
November	1.88	0.73
Desember	-	0.66
Januarie	.22	0.58
Februarie	2.55	0.72
Maart	.72	0.89
April	1.83	1.25
Totaal	17.50	12.51
% in die winter van totaal	54.4	63.0
% in die somer van totaal	45.6	37.0


(1) Magistraatskantoor, Robertson.



In Grafiek 1 word 'n grafiese voorstelling gegee van die distribusie van die reënval, beide vir die jaar Mei 1934 - April 1935 en van die normale.

- GRAFIEK 1 - (1)

GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE DISTRIBUSIE VAN DIE REËNVAL, BEIDE VIR DIE NORMALE EN VIR DIE JAAR 1934 - 1935



(1) Gegewens van Tabel I.

Die Sultana-wingerde vereis dat daar gedurende die wintermaande, en die lente, tot November maand, nie 'n gebrek aan water sal wees nie. Minder reën word vereis gedurende die rypwordingstadium, (Januarie - Februarie) en dit is wenslik dat dit heeltemal afwesig is gedurende die maak-periode (middel Februarie tot end Maart).

Gedurende die winter as die wingerd nie blare aan het

nie, is /

nie, is dit instaat om aansienlik droogte te verduur; maar gedurende blomtyd (Oktober) moet daar geen gebrek aan water wees nie. Dit is die mees kritieke periode en droogte op die stadium mag die oes baie verminder.

Uit bostaande Grafiek blyk, dat wat die kurwe vir die normale reënval betref, die reënval hoog is gedurende die wintermaande; dan daal dit geleidelik en is dit laag gedurende die somermaande, daarna styg dit weer. Gedurende die winter is besproeiing nie so noodsaaklik nie, dog vanaf Oktober maand moet daar besproei word, omrede die reënval dan te min is en die wingerdstokke dan in 'n baie kritieke periode is. Gedurende die tyd dat die druiwe uitswel moet daar ook nie watergebrek wees nie. Net voor oes kan die wingerd effe droogte verduur, sodat die suiker persentasie kan styg. Afwesigheid van reën gedurende die maak periode is baie wenslik.

(b) EKONOMIESE VOORWAARDES.

(1) Ligging. Die streek is geleë tussen die Lange- en die River-Sonder-End-Berge, ongeveer 100 myl Oos van Kaapstad. Die Breërivier kanaal wat deur die streek loop is 'n waardevolle bron van watervoorsiening vir die Sultana-boere. Robertson is ongeveer 700 voet bo seespieël; dit het 'n koue winter en baie warm somer klimaat, wat uitstekend is vir die produksie van Sultana-rosyntjies. Die 34 plase is almal langs een of ander rivier aangelê, waaruit besproeiingswater vir die somermaande gehaal word.

(2) Afsetgebiede. Ongeveer 80% van die Sultana produksie word uitgevoer, en omrede dit moet meeding met die beste van die wêreld is dit noodsaaklik dat 'n eersteklas en gestandardiseerde produk moet uitgevoer word. Om dit doeltreffend te bewerkstellig is die Suid-Afrikaanse Droë Vrugte Maatskappy Bepkt., gestig, wat die Sultana-rosyntjies gradeer, en dan uitvoer.

Wat die plaaslike mark betref is die afset baie gering, en die metode van afset wat vandag hier in swang is, affekteer die Sultana-boere baie nadelig, en is die kans op 'n groot

afset hier maar baie swak.

(c) BIOLOGIESE VOORWAARDES.

Om 'n eersteklas produk te produseer is dit noodsaaklik dat siekteverskynsels afwesig moet wees. Die laaste paar jaar het swartroes baie posgevat in seker dele van die distrik, en omrede Sultana-wingerde baie vatbaar is vir die siekte, word die grootste skades hier aangerig. Dit verminder nie alleen die opbrengs nie, maar dit veroorsaak ook druiwe van 'n swak gehalte. Die plaag is egter beheerbaar, dog met ekstra uitgawes vir die boer.

---

IN HOEVER WAS DIT 'N NORMALE JAAR.

(1) REËNVAL.

Een van die eerste maatstawwe waarvolgens die wingerdboer sal oordeel of 'n sekere jaar normaal is of nie, is die weerstoestande; waaronder veral die reënval bedoel word.

Dis nie soseer wat die reënval gedurende die jaar is nie; maar wel of daar baie of min reën val gedurende die rosyntjie-maak periode. Dis wat vir die rosyntjie-boer van belang is.

Volgens Tabel I is dit duidelik dat Robertson meer as die normale reënval gehad het, en dat daar gedurende Februarie 'n reënval van 2.55 duim was, wat baie ver bo die normale vir daardie maand is. Omdat boere <sup>†</sup> vanaf 15 Februarie begin rosyntjies maak, mag dit wees, dat die grootste deel van die reën in die begin van Februarie geval het en dus nie veel stremming veroorsaak het nie.

In Grafiek I word die reënval vir die jaar Mei 1934 - April 1935 grafies voorgestel en vergelyk met die normale reënval. Ons sien dat daar buitengewoon groot skommeling voor-gekom het vir daardie tydperk en dat dit soms baie verskil van die normale reënval, b.v. dat daar goeie reëns geval het vanaf Julie - November sodat daar geen sprake kan wees dat wingerde droogte gely het gedurende die blomtyd nie. Verder het daar gedurende Maart min reën geval sodat die maakperiode wat

hierdie /

hierdie maand betref baie gunstig was.

(2) OPBRENGS.

As die produksie van Sultana-en Hanepoot-rosyntjies vergelyk word met die produksie van vorige jare dan vergelyk dit nog baie gunstig soos in onderstaande Tabel aangetoon.

TABEL 2. (1)

PRODUKSIE VAN ROSYNTJIES EN SULTANAS TE ROBERTSON VANAF 1931 - 1935.

<u>Jaar.</u>	<u>Hoeveelheid lb.</u>
1930-31	1935165
1931-32	3020185
1932-33	3569280
1933-34	2882496
1934-35	3251682

(1) Informasie verskaf deur K.W.V.

<sup>uit</sup> Vanaf bostaande Tabel blyk dit dat die abnormale hoë reënval wat in Februarie 1935 geval het, merkbaar nie 'n nadelige invloed uitgeoefen het, op die produksie van rosyntjies en Sultanas nie. Die wingerd het daardie jaar ook nie droogte gely nie.

(3) PRYS VAN MOS, ROSYNTJIES EN SULTANA ROSYNTJIES.

Die reënval en produksie is egter nie al maatstawwe wat gebruik word om te verklaar of 'n jaar normaal was of nie. Die pryse wat produkte daardie jaar behaal het moet ook 'n aanmerking geneem word.

As die algemene prysneiging van Rosyntjies en Sultanas vanaf na die oorlog geneem word, dan toon dit 'n duidelike dalende neiging vanaf 1918 - 1935, met hier en daar 'n tydelike opflikkering. Plaaspryse wat Hanepoot-en Sultana-rosyntjies behaal het in 1935 kan nie as abnormaal beskryf word nie, dit toon selfs 'n stadige styging soos in Tabel 3 uiteengesit.

TABEL /



TABEL 3. (1)

PLAASPRYS PER LB. HANEPOOT-EN SULTANA-ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1918 - 1935.

Jaar.	Hanepoot - Rosyntjies. (Pennis)	Sultana Rosyntjies. (Pennis)
1918	5	9 $\frac{1}{2}$
19	6 $\frac{1}{2}$	9 $\frac{1}{2}$
1920	6	9
21	5	8
22	6 $\frac{1}{2}$	8
23	3	6
24	3 $\frac{1}{2}$	5
1925	2 $\frac{1}{2}$	5
26	3	5 $\frac{1}{2}$
27	4	5 $\frac{1}{2}$
28	4	5
29	3 $\frac{3}{4}$	4 $\frac{3}{4}$
1930	2 $\frac{3}{4}$	2 $\frac{3}{4}$
31	2 $\frac{3}{4}$	2 $\frac{3}{4}$
32	2 $\frac{3}{8}$	4
33	2 $\frac{3}{4}$	3
34	2 $\frac{15}{16}$	3
1935	2 $\frac{15}{16}$	3 $\frac{1}{8}$

(1) Verskaf deur S.A.D.

In Grafiek 2 word 'n grafiese voorstelling gegee van die skommeling in die plaaspryse van Hanepoot-en Sultana-rosyntjies.

- GRAFIEK 2. - ①

PLAASPRYS PER LB. HANEPOOT EN SULTANA ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1918 - 1935.



Wat mos betref word die plaasprys wat boere <sup>per leer</sup> ontvang het vanaf 1924 tot 1935 in Tabel 4 weergegee.

TABEL 4. (1)  
PLAASPRYS WAT MOS <sup>per leer</sup> BEHAAL HET VANAF 1924-1935.


Jaar	Waarde £.
1924	4. 4. 8
1925	4.15. 3
26	5. 0. 6½
27	5. 0. 6½
28	5. 0. 6½
29	4.15. 3
1930	3.19. 4½
31	3.11. 5½
32	3. 3. 6
33	3. 3. 6
34	3.14. 1
1935	3.14. 1

(1) Verskaf deur K.W.V.

Teneinde 'n beter voorstelling te kry van die skommeling in die mospryse wat boere ontvang het, word 'n grafiese voorstelling gegee.

GRAFIEK 3 - ①

PLAASPRYS DEUR STOOKMOS BEHAAL TE ROBERTSON VANAF 1924 TOT 1935



Hier ook vergelyk die stookmospryse goed. Dit is wel baie laer as wat dit was tussen 1924 - 1929; nogtans het dit gestyg vanaf 1932 van £3.10. 0 per lêer tot £3.14. 1 per lêer in 1935.

BOERDERY ORGANISASIE.

GROOTTE VAN PLAAS.

Weëns die intensiteit van die boerderye in die area, sal dit 'n verkeerde voorstelling gee as die totale aantal morge as 'n maatstaf geneem word van die grootte van die boerderyonderneming. Twee wingerdplase mag b.v. ewe groot wees, maar die een mag 90,000 stokke en die ander 30,000 hê en die omvang van die organisasie sal vanselfsprekend groter wees op eersgemelde plaas as op die laasgenoemde.

TABEL 5.

GEMIDDELDE GROOTTE VAN 34 BOERDERYE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Morge.</u>	<u>Persentasie van Totaal.</u>
Besproeide grond	60.5	14.9
Ander bewerkte grond	7.5	1.9
Veld en weiding	334.3	82.5
Werf	2.8	0.7
<u>Totaal</u>	<u>405.1</u>	<u>100</u>

Die gemiddelde grootte is 405.1 morge vir die 34 plase. Hiervan is slegs 14.9% onder intensiewe bewerking. 82.5% van die totaal maak veld en weiding uit, dis feitlik onproduktiewe grond en verdien dit nie baie aandag nie. Waar dus van die grootte van die plaasbesigheid gepraat word, dan word eintlik bedoel die intensief bewerkte deel wat onder besproeiing is.

Gebruik van Grond.

TABEL 6.

GEBRUIK VAN GROND TE ROBERTSON 1934-35.

## TABEL 6.

## GEBRUIK VAN GROND TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddelde aantal morge per Boerdery.	Persentasie van totale aantal morge.	Persentasie van to- tale oppervlakte onder Bebouing.
	morge	%	%
Sultanadruuwe	2.5	0.6	3.7
Wingerd	10.8	2.7	15.8
Kleingraan	14.1	3.5	20.7
Ander bewerkte grond	40.6	10.0	59.8
Totaal bewerk	68.0	16.8	100.0
Ander	337.1	83.2	
<b>Totaal</b>	<b>405.1</b>	<b>100.0</b>	

Op die oog lyk dit asof die Sultana-nywerheid maar 'n baie nietige rol speel, daar die gemiddelde oppervlakte slegs 2.5 morge is in vergelyking met 10.8 morge van die ander wingerd. Dit moet egter goed verstaan word dat daar onder die term „wingerd” omtrent 'n vyf tot ses verskillende druifsoorte ingesluit is, waarvan 'n deel van mos gemaak word, 'n deel word wegge-ry in die vorm van vars druiwe, terwyl daar ook nog rosyntjies gemaak word. Die Sultana-druuwe het ook 'n dubbeldoel, n.l. daar kan behalwe die rosyntjies ook nog mos van gemaak word. Verreweg die grootste persentasie word omgesit in rosyntjies soos later gesien sal word.

As die oppervlakte onder Sultanadruuwe uitgedruk word as 'n persentasie van die totale plaasoppervlakte dan is dit slegs 0.6% terwyl die wingerd 2.7% is. Waar dit beskou word as 'n persentasie van die totale oppervlakte onder bebouing, maak die oppervlakte onder Sultana druiwe 3.7% en die oppervlakte onder wingerd 15.8% respektiewelik uit.

Die gemiddelde aantal morge onder kleingraan is 14.1 morge en dit is 3.5% van die totale plaasoppervlakte en 20.7% van die oppervlakte onder bebouing. Onder kleingraan word ingesluit, gars, koring, hawer en rog. Hiervan maak gars die grootste gedeelte uit. Koring word alleen gesaai vir huisgebruik en slegs in enkele gevalle is koring verkoop. Die hawer en rog word gesaai hoofsaaklik vir veevoer, dog op sommige plase is aansienlike hoeveelhede hawer verkoop. *Gars word via die brouery verkoop vir mout-doelendes.*

Hoewel Robertson 'n paar jaar gelede nog baie vir vrugteboerdery ingegaan het, het hierdie tak van boerdery die laaste paar jaar /



paar jaar geweldig <sup>opgevoel gegooi</sup> grond verloor. Pruiomboerdery was baie ver-  
naam; maar omrede hierdie bome al om die ander jaar daar gedra  
het, en die grond waarop dit verbou was baie duur was, is die  
boorde uitgekap en wingerd aangeplant. Vandag is daar op elke  
plaas nog 'n paar bome, maar dit word op geen een van die plase  
besoek, meer op kommersieële skaal verbou nie. In baie gevalle  
staan die bome somaar tussen die wingerde.

Uit die Tabel <sup>b</sup> blyk dit ook dat daar gemiddeld 40.6 morge  
ander bewerkte grond is. Dit bestaan deels uit besproeibare  
grond en deels uit droë land. Op eersgenoemde word ertappels,  
patats en lusernhooi meestal verbou. Terwyl op die droë land  
daar af en toe graan verbou word. As dit die jaar mooi gereën  
het, dan word daardie grond gesaai. Dit beslaan 59.8% van die  
totale oppervlakte onder bewerking.

Die totale aantal morge wat bewerk word is gemiddeld  
68.0 morge. Dit maak slegs 16.8% van die totale plaasopper-  
vlakte uit. Hieruit blyk dit dus dat maar 'n klein gedeelte van  
die grond werklik tot 'n mate intensief bewerk word.

Daar is 337.1 morge wat onbewerk is, en dit dien hoof-  
saaklik vir Beweiding. Van die totale aantal morge is dit  
83.2%, teenoor 16.8% bewerkte grond. Die grootste deel word  
uitgemaak deur veld, en die waarde wat dit as weiding aanbied  
is maar baie swak, tensy dit 'n nat jaar is. 'n Mens sal verwag  
dat waar daar baie weiveld is dat meer diere sal aangehou word.  
In onderstaande Tabel word dit illustreer.

Aantal Diereenhede.

TABEL 7.

VERHOUDING TUSSEN GROOTTE VAN PLAAS, MORGE  
BEWERKTE GROND EN DIEREENHEDE TE ROBERTSON 1934-35.

Aantal Morge.	Aantal Gevalle.	Gemiddelde Morge per Boerdery.	Gemiddelde Morge Be- werkte Grond.	Persenta- sie van Totaal.	Dier- eenhede
1 - 100	11	47.2	34.0	72.0	14.6
101 - 100	6	155.9	64.8	41.5	27.8
201 - 300	2	235.5	49.5	21.0	19.9
301 - 400	3	375.1	57.7	15.4	27.3
401 - 500	1	441.0	40.0	9.1	57.5
501 - 600	-	-	-	-	-
601 - 700	2	628.0	45.0	7.15	63.2
701 - 800	3	739.2	190.6	26.7	90.1
801 - 900	2	851.0	103.5	12.5	55.6
901 - 1000	1	925.0	73.0	7.9	72.1
1001 en meer	3	1403.0	88.0	6.6	75.1

\* Diereenhede:

1 perd, 1 muil, 1 donkie, 1 bees	} een diere- eenheid.
4 vullens, 4 kalwers	
7 skape, 7 bokke, 10 varke	
100 hoenders	

Uit Tabel 7 blyk, dat met die toename in die grootte van die plaas, daar ook 'n vermeerdering is in die oppervlakte wat bewerk word, maar nie in 'n juiste verhouding nie. Dit is wel duidelik dat die 17 kleiner boerderye 'n intensiewer bewerking toepas want daar is 11 boerderye wat <sup>gemiddeld</sup> 72.0% van die totaal onder bewerking het en 6 wat <sup>gemiddeld</sup> 41.5% intensief bewerk. Die boerderye van 'n gemiddelde grootte van meer as 500 morge (met uitsondering van 701 - 800) toon aan dat daar 'n groot deel bewerk word; maar dat die verhouding van bewerkte tot onbewerkte ongunstiger word weens die baie weiveld waaroor die boere beskik. Die gevolg is dat die diereenhede per boerdery hierdie bewerking staaf, want meer perde, beeste, bokke, skape en varke ens. word gevind, met 'n styging in die grootte van die boerdery-grond.

Bostaande aanva<sup>o</sup>ring word deur Tabel 8 verder uiteengesit

TABEL 8.

VERHOUDING TUSSEN MORGE VELD EN WEIDING EN DIER-  
EENHEDE TE ROBERTSON 1934-35

Grootte in Morge.	Aantal Gevalle.	Gemiddelde Morge in Veld en Weiding.	Gemiddelde aantal Dier-eenhede.	Gemiddelde aantal Morge in Weiding per Dier-eenheid
1- 100	11	7.0	14.6	0.5
101 - 200	6	96.9	27.8	3.5
201 - 300	2	183.5	19.9	9.7
301 - 400	3	311.6	27.3	11.5
401 - 500	1	400.0	57.5	7.0
501 - 600	-	-	-	-
601 - 700	2	580.0	63.2	9.4
701 - 800	3	533.3	90.1	5.9
801 - 900	2	730.0	55.6	13.1
901 -1000	1	850.0	72.1	11.7
1001 en meer	3	1312.0	75.1	17.4

Dit is duidelik dat die grootte van die plaas beteken 'n vermeerdering in weiveld en omdat die diereenhede nie in dieselfde verhouding vermeerder nie, meen dit dat die kleiner plasies se weiveld intensiewer bewei word, b.v., waar die grootte tussen 1 - 100 morge skommel is die weiding per diereenheid slegs 0.5 morge, terwyl in die groep 101 - 200 morge dit 3.5 morge is, en die groep 901 - 1000 morge nie minder as 11.7 morge per diereenheid aangewend word nie.

KAPITAAL:

Onder kapitaalbelegging word verstaan, die som óf 'n waardering van wat in die bedryf belê is. Die kapitaal in die Robertsonse distrik is as volg verdeel.

Verdeling van Kapitaal.TABEL 9.VERDELING VAN GEMIDDELDE KAPITAAL PER BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Gemiddelde Waarde per Morg. Boerdery</u>	<u>Persentasie van Totale Waarde.</u>
Bewerkte Grond	£ 6457.1	71.3 %
Onbewerkte Grond	207.6	2.3
Geboue	984.2	10.8
Permanente Verbeterings	574.5	6.2
Lewende Hawe	400.8	4.4
Masiene en Gereedskap	430.2	5.0
<b>Totaal</b>	<b>£ 9054.4</b>	<b>100.0 %</b>
Vasgoed Kapitaal	£ 8223.4	90.6 %
Losgoed Kapitaal	£ 831.0	9.4 %

Die gemiddelde kapitaalbelegging is £9054.4 per boerdery, waarvan 90.6% in vaste kapitaal belê is en 9.4% in lewende hawe en masienerie.

Die bewerkte grond verteenwoordig 'n waarde van £6457.1 of 71.3% terwyl in onbewerkte grond slegs £207.6 belê is of 2.3% van die totale belegging.

Die gebouekapitaal bedra gemiddeld £984.2 of 10.8% en in ander permanente verbeterings soos damme en parsgate is gemiddeld £574.5 belê of 6.2% van die totale belegging.

In lewende hawe is £400.8 belê of 4.4% van die totale belegging. Die aard van die boerdery bring mee die gebruik van duur masiene, hoewel nie baie nie, vandaar 'n gemiddelde belegging van £430.2 per boerdery.

Aangesien die kapitaalbelegging in grond so hoog is, sal dit goed wees as die kapitaal in grond belê nader ontleed word.

TABEL 10.

VERDELING EN GEMIDDELDE WAARDE VAN GROND PER  
BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Grootte. Morge	Waarde per Morg. £	Totaal. £
Wingerdgrond	13.3	227.5	3025.7
Ander Besproeide Grond	47.3	86.2	4077.2
Ander Bewerkte Grond (droëland)	7.4	12.1	89.5
Veld en Weiding	334.3	1.0	334.3
<b>Totaal</b>	<b>402.3</b>		<b>7526.7</b>
<b>Gemiddeld</b>	<b>402.3</b>		<b>£ 18.7</b>

Sonder die werf is daar gemiddeld 402.3 morge per boerdery, waarvan 13.3 morge wingerdgrond is - met 'n hoë waarde van £227.5 per morg en 47.3 morge ander besproeide grond wat teen gemiddeld £86.2 waardeer word. Die droë bewerkte grond is betreklik laag n.l. gemiddeld £12.1 terwyl weidingslegs op gemiddeld £1 per morg te staan kom. Die gemiddelde waarde van £18.7 per morg gee nie veel nie, want van belang is die grond met wingerdstokke beplant en die besproeibare grond.

Omdat Sultana-rosyntjies-boerdery hier 'n baie belangrike bedryfstak is, en dat die uitgawes grootliks deur die Sultanas gedek moet word, is dit wenslik dat die gemiddelde kapitaalbelegging beide vaste kapitaal en losgoed kapitaal per morg en per 1000 stok Sultanas in drag ontleed word.

Vasgoed Kapitaal.

TABEL 11.

GEMIDDELDE BELEGGING IN VASGOED KAPITAAL IN SULTANA-  
WINGERD PER MORG EN PER 1000 WINGERDSTOKKE TE  
ROBERTSON 1934-35.

Per Boerdery.	£.
Morge Sultanastokke in Drag (£)	2.5
Vasgoed Kapitaal in Sultanawingerd (£)	694.18. 0
Vasgoed Kapitaal per morg Sultana (£)	277.19. 0
Aantal Draende Sultana Wingerdstokke (vir Rosyntjies)	11,400
Belegging per 1000 Stok (£)	60.18. 0

Daar was gemiddeld 2.5 morge draende Sultana wingerdstokke waarvan die gemiddelde waarde vasgoed kapitaal £694.18. 0 was, of £277.19. 0 per morg onder Sultanas en £60.18. 0 per 1000 stok.

Hier word egter skommelings aangetref wat die kapitaalbelegging per morg Sultanas betref soos in Tabel 12 uiteengesit.

TABEL 12.

SKOMMELINGE IN BELEGGING VAN VASTE KAPITAAL PER MORG  
SULTANA-WINGERD TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Getal Boerderye.	Gemiddelde Belegging.
£ 200 en minder	10	£ 162. 0. 0
201 - 250	10	228.16. 0
251 - 300	8	269.12. 0
301 en meer	6	419. 5. 0

Daar was in 1934-35 nie minder as 10 boerderye wat minder as £200 per morg belê het in vaste kapitaal. Die gemiddelde belegging vir die 10 was £162. Tussen 'n vaste kapitaalbelegging van £201 - 250 was daar ook 10 boerderye met 'n gemiddelde waarde van £228.16. 0 per morg. Daar was 8 gevalle wat 'n vaste kapitaalbelegging van tussen £251 - 300 gehad het, of gemiddeld £269.12.0 en daar was 6 gevalle wat meer as £300 per morg belê het in vaste kapitaal en die gemiddelde belegging vir die afdeling is £419. 5. 0. Die hoër belegging van laasgenoemde groep moet veral aan die hoë kapitaalbelegging in grond toegeskryf word.

Belegging in Losgoed.

In teenstelling met die vasgoed kapitaalbelegging van gemiddeld £277.19. 0 per morg Sultanas is daar slegs gemiddeld £22.17. 0 in losgoed belê, soos uit Tabel 13 blyk.

TABEL 13.

GEMIDDELDE BELEGGING IN LOSGOED KAPITAAL PER MORG  
SULTANA-WINGERD TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Waarde.	Persentasie.
Gereedskap	£ 43. 7. 0	72.8 %
Trekdiere	£ 16. 3. 0	27.2
Totale Belegging	£ 59.10. 0	100.0
Morge onder Sultanas	2.5	
Belegging per Morg	£ 23.16. 0	
Getal draende Sultana		
Stokke vir Rosyntjies	£ 11,400	
Belegging per 1000 Stok	5. 5. 0	

Gereedskap maak die vernaamste kapitaalbelegging pos uit n.l. £43. 7. 0 of 72.8% van die totale belegging in losgoed.

In trekdiere /

In trekdier is daar £16. 3. 0 belê of 27.2% van die totale belegging in losgoed. Die totale losgoed kapitaal belê in Sultana-wingerde was £59.10. 0. Per morg is dit £23.16. 0 en per 1000 stok £5. 5. 0.

Soos uit Tabel 14 blyk, is daar skommeling in die belegging van losgoed kapitaal.

TABEL 14.

SKOMMELINGE IN DIE BELEGGING VAN LOSGOEDKAPITAAL PER MORG SULTANA WINGERD TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Aantal Gevalle.</u>	<u>Gemiddelde Belegging.</u>
£ 20 en minder	6	£ 15.4
21 - 30	11	26.8
31 - 40	3	37.2
41 - 50	8	44.10
51 - 60	2	56.4
61 en meer	4	104.7

Daar is 17 boerderye wat gemiddeld £26.8 en minder belê het per morg Sultanas, terwyl daar 4 gevalle is waar die gemiddelde belegging so hoog soos £104.7 is.

Die kapitaalbelegging per 1000 stok is meer doeltreffend, as wanneer dit per morg sou geneem word, omrede nie al die wingerd stokke op dieselfde plaas en op ander plase dieselfde wydte geplant is nie. Vergelyk die vaste kapitaalbelegging per 1000 stok van Tabel 9 met die van die kapitaalbelegging in losgoed per 1000 stok in Tabel 11. In vasgoed is £60.18. 0 belê per 1000 stok en in losgoed is £5. 5. 0 belê per 1000 stok. Die verhouding is omtrent 12:1 of 94.9% in vaste kapitaal en 5.1% in losgoed kapitaal van totale belegging in Sultana-bedryf.

LEWENDE HAWE:

Volgens Tabel 9 is £400.8 in vee belê wat as volg verdeel is.

TABEL 15. /

TABEL 15.

GEMIDDELDE KAPITAALBELEGGING IN LEWENDE HAWE PER  
BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Waarde.	Persentasie van Totale Belegging in Lewende Hawe.
Beeste	£ 102	26 %
Perde, Muile, Donkies	139	35
Skape en Bokke	129	32
Varke	18	4
Pluimvee	12	3
<b>Totaal</b>	<b>£ 400</b>	<b>100 %</b>

Die aanhou van lewende hawe is in die deel slegs 'n bysaak. Die trekdier wat aangehou word is goeie sterk diere en vandaar die waarde van £139. Beeste word meestal vir selfversorging aangehou, dog daar word soms aansienlike hoeveelhede dierlike produkte verkoop.

In 1934-35 was die waarde van beeste £102 gemiddeld per boerdery. Skape en bokke word aangehou vir die gebruik van die weiveld en die lewering van mis. Die kapitaalbelegging in skape en bokke was £129. Die grondwaardes is te hoog om onder bestaande ekonomiese voorwaardes 'n uitbreiding van veeboerdery te regverdig.

BOERDERY INKOMSTE EN BOERDERY UITGAWES.

ONTVANGSTES:

Boerdery-ontvangste bestaan nie alleen uit ontvangste vir produkte wat van die boerdery af verkoop is nie; maar sluit ook in die waarde van die boer se kapitaal-vermeerdering, die waarde van plaasprodukte wat deur die huisgesin en arbeid verbruik is.

Gepaard met intensiewe boerdery van hierdie aard, gaan hoë kapitaalbelegging per eenheid en derhalwe sal hoë inkomstes verwag word. In Tabel 16 word die skommeling in ontvangste ontleed. Skommeling in Ontvangste.

TABEL 16.

SKOMMELINGE IN DIE ONTVANGSTE TE ROBERTSON 1934-35.

Ontvangste.	Getal Gevalle.
Minder as £ 500	4
£ 501 - 1000	14
1001 - 1500	8
1501 - 2000	4
2001 en meer	4

(21).

Van die 34 gevalle is daar slegs 4 wat minder as £500 ontvang het, terwyl daar 16 is wat meer as £1000 ingekry het en 14 boere het tussen £501 en £1000 in 1934-35 ingesamel.

Bronne van Ontvangste.

Die ontvangste kom uit die bronne soos in Tabel 17 saamgevat.

TABEL 17.

BRONNE VAN INKOMSTE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Bron.</u>	<u>Waarde (£).</u>	<u>Persentasie (%) van Totaal.</u>
Oeste	980	87.4
Lewende Hawe Vermeerdering	17	1.5
Lewende Hawe Verkoop	47	4.2
Lewende Hawe Produkte Verkoop	70	6.3
Subsiedies	7	0.6
<u>Totaal</u>	<u>£ 1121</u>	<u>100</u>

Oeste.

Van 'n <sup>gemiddelde</sup> totale ontvangste van £1121 is £980 of 87.4% van ooste verkry. As dit nader ontleed word soos in Tabel 18 dan kom die belangrikheid van wingerdboerdery duidelik uit.

TABEL 18.

ONTLEDING VAN INKOMSTE UIT OESTE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Waarde (£).</u>	<u>Persentasie (%).</u>
Wingerde	821.9	85.4
Kleingraan	130.3	12.0
Ander	27.8	2.6
<u>Totaal</u>	<u>£ 980.0</u>	<u>100.0 %</u>

Dit blyk dus dat 85.4% van die ontvangste uit oeste van wingerde afkomstig was en in die vorm van mos, rosyntjies en vars-druie. Dit is interessant om hierdie stelling nader in Tabel 19 toe te lig.

TABEL 19. /



TABEL 19.

## Gemiddelde INKOMSTE UIT DIE WINGERDBOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

Druiwesoort	Produksievorm.			Persentasie van Inkomste uit Wingerd.
	Rosyntjies.	Vars Druuwe.	Mos.	
Sultana (£)	208.7	7.11	28.6	29.4%
Fransdruuwe (£)	-	11.0	121.4	18.7
Hanepoot (£)	94.3	-	50.5	18.0
Hermitage (£)	-	28.4	97.5	16.0
Muscadel (£)	-	55.5	73.6	12.5
Korente (£)	29.3	-	-	3.4
Ander (£)	-	1.6	13.4	2.0
<b>Totaal (£)</b>	<b>332.3</b>	<b>104.6</b>	<b>385.0</b>	<b>100.0</b>
% van Geheel	40.4	12.7	46.9	100.0

Uit bostaande Tabel blyk dit dat rosyntjies 40.4% van die totale ontvangste van wingerd uitmaak. Onder rosyntjies is geklassifiseer Hanepoot-rosyntjies, Sultana-rosyntjies en Korente. Die waarde van die ontvangste uit varsdruuwe was £104.6 of 12.7% van die totale ontvangste uit wingerd, en by mos was die ontvangste £385.0 of 46.9% van die totale ontvangste uit wingerd.

Die vernaamste inkomste uit die wingerdboerdery was van Sultana, Fransdruif, Hanepoot en Hermitage druifsoorte wat 29.4%, 18.7%, 18.0% en 16.0% respektiewelik uitmaak van die totale ontvangste uit wingerd.

Ons is egter meer geïnteresseerd in die Sultana nywerheid en by die ontleding van Tabel 20 kom die belangrikheid van Sultana-rosyntjies nog duideliker uit.

TABEL 20.

## BELANGRIKHEID VAN SULTANA ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Draende Sultana Stokke.	Produksie.	Inkomste.	
			Waarde.	Persentasie van totale Inkomste uit Sultanas.
Vars druuwe		ton	£	%
Mos		2.0	7.11	2.9
Rosyntjies:		7.3	28.6	11.7
(a) Ongeswael		5.5	111.5	45.6
(b) Geswael		4.0	97.2	39.8
<b>Totaal</b>	<b>13,722</b>	<b>18.8</b>	<b>244.4</b>	<b>100.0</b>

Uit bostaande /

Uit bostaande Tabel blyk dit duidelik dat Sultana-wingerde hoofsaaklik bedoel was vir die maak van rosyntjies. Rosyntjies maak nie minder dan 85.4% van die ontvangste van die Sultana-druifsoort uit nie. Van die Sultana-druifsoort word twee soorte rosyntjies van gemaak n.l. ongeswaelde en geswaelde rosyntjies. Hulle verskil nie alleen wat kleur betref nie maar ook die maak-proses. In 1934-35 was die ontvangste van ongeswaelde Sultana rosyntjies <sup>gemiddeld</sup> £111.5 of 45.6% van die totale ontvangste uit die Sultana-wingerd, terwyl <sup>gemiddeld</sup> £97.2 of 39.8% van geswaelde rosyntjies afkomstig was. Die res word gewoonlik gepars of in die vorm van varsdruuwe weggery omrede dit te sleg is vir die maak van rosyntjies, of omdat die boer nie genoeg stelladies het nie, of omdat weersomstandighede dit noodsaaklik maak. Die relatiewe pryse wat betaal word vir mos en Sultana-rosyntjies sal natuurlik die vernaamste faktor wees wat sal bepaal hoeveel Sultana-rosyntjies gemaak sal word. Dit geld alleen as die weerstoestande gunstig is gedurende die maak seisoen.

#### Lewende Hawe Produkte.

Van lewende hawe produkte is <sup>gemiddeld</sup> £70 ontvang, of 5.7% van die totale ontvangste soos in Tabel 21 uiteengesit.

#### TABEL 21.

#### ONTVANGSTE UIT LEWENDE HAWE PRODUKTE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Verkoop.</u>	<u>Huisgebruik.</u>	<u>Totaal.</u>
	£	£	£
Melk	-	12.8	12.8
Botter	38.2	12.14	50.16
Vet	-	4.12	4.12
Vleis	-	28.7	28.7
Wol	14.6	-	14.6
Velle	2.18	-	2.18
Eiers	12.2	3.12	15.14
Ander	2.12	-	2.12
<b>Totaal</b>	<b>70.0</b>	<b>61.13</b>	<b>131.13</b>
<b>% van Totaal</b>	<b>53.0</b>	<b>47.0</b>	<b>100.0</b>

Die ontvangste uit suiwel van £38.2 is die grootste en dit blyk dus dat beesboerdery die vernaamste rol speel in aanvulling van die wynbedryf. Die inkomste uit lewende hawe is nie groot nie, dog dit is te verstaan dat vir 'n hoër produksie die diere

goeie weiding nodig het en daarvoor is die plasies te klein en die reënval te laag met 'n gevolglike swak veldbeweiding. Die totale waarde van lewende hawe produkte was £131.13. Hiervan is vir 'n waarde van £70 of 53% produkte verkoop en die vir huisgebruik was £61.13 of 47 van die totale ontvangste uit dierlike produkte.

Die besluit is dat die rigting van ontwikkeling is na wingerdboerdery en nie na veehouding nie, dog dat vee aangehou sal word, saam met die beoefening van saaiery soos gars, omdat hierdie bedryfstelsels hulle die beste aanpas by die spesiale omstandighede van die Robertson streek.

#### UITGAWES:

In Tabel 22 word die lopende uitgawes op die 34 boerderye wat besoek is ontleed.

TABEL 22.

VERDELING VAN LOPENDE UITGAWES PER BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Koste.	Persentasie van Totale Uitgawe.
	£.	%
Arbeid	286.3	46.7
Voer en Saad	13.6	2.3
Reperasies	36.6	6.1
Vervoer	41.2	6.7
Moter en Lorrie Koste	37.5	6.1
Besproeiing	10.1	1.7
Misstawwe	29.0	4.6
Belastings	10.9	1.7
Swael en Loog	7.5	1.0
Vaste Kapitaal en Gereedsskaps Vermindering	67.8	11.1
Lewende Hawe Vermindering	7.9	1.4
Diere Gekoop	8.2	1.2
Dors en Maal	9.4	1.5
Ander	48.0	7.9
<b>Totaal</b>	<b>614.0</b>	<b>100.0</b>

#### Arbeid.

Uit voorgaande Tabel is dit duidelik dat die vernaamste uitgawe aan arbeid is. Uit 'n gemiddelde totale uitgawe van £614 was die aan arbeid £286.3 of 46.7% spandeer.

Die onderskeidings wat gemaak is in verband met arbeid is tussen vaste en seisoenarbeid en blank en gekleurde soos in Tabel 23 uiteengesit.

TABEL 23.

VERDELING VAN GEMIDDELDE ARBEIDSKOSTE IN VASTE EN SEISOEN -, EN BLANKE EN GEKLEURDEARBEID TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.		Vaste Arbeid.	Seisoen Arbeid.	Totaal.
Blank	£	53.2	11.3	64.5
Gekleurd	£	180.0	41.8	221.8
<b>Totaal</b>	<b>£</b>	<b>233.2</b>	<b>53.1</b>	<b>286.3</b>

Die gekleurde arbeiders, beide vaste en seisoen, word per dag betaal. Dit maak die belangrikste deel van die arbeids uitgawe uitn.l., uit 'n totaal van £286.3 gaan gemiddeld £180.0 na die vaste gekleurde arbeiders en £41.8 na die seisoen arbeiders d.w.s. 'n totaal van £221.8 of 77.4%. Gemiddeld is in 1934-35 slegs £64.5 of 22.6% aan blanke arbeiders betaal.

Die vaste gekleurde arbeiders word almal kontant betaal, en geen een van hulle word in die goedereloon vorm betaal nie. Dis alleen in enkele gevalle dat gevind is dat sopies gegee word. Die vaste gekleurde arbeiders het ook almal hulle huisie waarvoor 3d per dag gereken word. Die geld word weekliks aan die arbeiders uitbetaal.

Die gekleurde seisoen arbeiders kry ook nie goedere loon nie, met die uitsondering gedurende dorstyd. Hulle ontvang loon weekliks. Dieselfde is die geval met die blanke seisoen arbeiders met die verskil dat kos aan hulle verskaf word.

Die vaste blanke arbeiders, het 'n kamer wat hy bewoon en geniet ook sy etes in die boer se huis. Die geldwaarde van hierdie voorregte word van sy geldloon afgetrek wat hy maandeliks ontvang. In Tabel 24 word die loonstelsel van toepassing op vaste gekleurde arbeiders uiteengesit.

TABEL 24.

LOONSTELSEL VAN VASTE GEKLEURDE ARBEIDERS TE ROBERTSON 1934-35.

Woning per Dag.	Kontant per Dag.	Totaal per Dag.	Werksdae per Jaar.	Totaal per Jaar.
3d	2/6d	2/9d	260	£35.15. 0

Soos uit die voorgaande Tabel blyk, word die woning teen 3d per dag bereken. Die arbeider ontvang 2/6 per dag wat 'n totale loon van 2/9 per dag gee. Hy werk net 5 dae in die week en gevolglik is die totale werksdae per jaar 260, dit bereken teen 2/9 per dag gee 'n totale loon van £35.15. 0 per jaar. Deurdat daar so min plase is waar werklik blanke vaste arbeiders aangehou word, word dit nie in Tabelvorm aangetoon nie.

Dit is dus duidelik dat aangesien arbeid 'n baie hoë uitgawe pos is, is dit noodsaaklik dat waar die boer plaasuitgawes wil kontroleer, hy dit hier moet doen, want die grootte van die uitgawe duld geen onproduktiwiteit nie.

#### Vaste Kapitaal en Gereedskap Vermindering.

Dis die tweede hoogste plaasuitgawe, wat van plaas tot plaas skommel. Op gereedskap is 10% en op geboue is 2% depresiasie geneem. Dit is wenslik geag om hierdie depresiasie op geboue te neem, daar dit gevind is dat daar baie plaasgeboue is waaraan die boer min spandeer aan reparaasies, met die gevolg dat geboue vinniger in waarde afneem. Die gemiddelde depresiasie vir die jaar was £67.8 of 11.1% van die totale uitgawes.

#### Vervoer.

Sommige boere vervoer hulle produkte nog self, meeste vervoer 'n gedeelte van die oes, en die res word deur karweiers gedoen; dan is daar nog 'n seksie wat hulle hele oes laat besorg deur gehuurde karweiers.

Die vervoerkoste vir die jaar 1934-35 was £41.2 gemiddeld vir 34 plase of 6.7% van die gemiddelde totale uitgawe. Dit moet as hoog beskou word; maar as die aard van die produkte in aanmerking geneem word, is dit te verstaan. Baie boere maak mos, ander ry weer druiwe - en alhoewel die tarief daarvoor nie hoog is nie, neem die koste toe weëns die groot hoeveelhede wat vervoer word, veral omdat die boerdery gemiddeld 11 myl van die dorp lê.

#### Moter en Lorrie Koste.

Onder vervoer is alleen ingesluit vervoer van en na die dorp. Sommige boere doen baie werk met lorries op hulle plase self, waar hulle voorheen diere gebruik het. Waar vervoer na

die dorp /

die dorp met die boer se eie lorrie gedoen is, is dit onder transport bygereken - en nie onder lorriekoste nie.

Wat moterkoste betref, is aan elke boer wat 'n moter besit gevra watter persentasie van die gebruik van sy moter in belang van die plaas besigheid was, en die deel is toe neergeskryf as 'n uitgawe teen die plaas. Vir die jaar 1934-35 was die uitgawe aan moter en lorriekoste gemiddeld £37.5 per boerdery of 6.1% van die totale uitgawe.

#### Bemesting.

Ook is bemesting van belang. Die gronde is baie vrugbaar en op die oomblik voel die boere nog nie so groot die behoefte om swaar te bemis, vandaar dat die uitgawe besonder laag is.

Al die boere bring die plaasmis wat op hulle plase self gemaak word in hulle gronde terug. Daar is egter 'n seksie van die boere wat die waarde van 'n goeiebemeste grond besef. Hulle probeer hulle gronde produktief hou. Die plaasmis is hiervoor te min en koop hulle baie Karo-mis wat hoofsaaklik in die wingerde gebruik word. Die gemiddelde waarde aan misverbruik is £29.0 of 4.6% van die totale lopende uitgawes.

#### Besproeiing.

Besproeiing speel 'n uiters belangrike rol in die boerdery-aangeleenthede. Sonder besproeiing is dit bykans onmoontlik om oeste te verseker. Die besproeiingskoste was tot 'n paar jaar gelede nog uiters hoog, dog die Regering het 'n aansienlike deel van die kapitaal afgeskryf en dit is daaraan te danke dat die pos nou so laag is n.l. £10.1 of 1.7% van die totale lopende uitgawes.

Ander kleiner uitgawes vir die jaar 1934-35 was Lewende Hawe vermindering, diere gekoop, swael en loog koste, dors en maalkoste en ander uitgawes wat respektiewelik 1.4%, 1.2%, 1.0%, 1.5% en 7.9% van die totale uitgawes uitgemaak het.

---

#### BOERDERY INKOMSTE.

Die boerdery inkomste is die onderskeid tussen die ontvangste en die uitgawe vir die jaar om die produksie daar te stel en wel soos in Tabel 25 aangetoon is.

TABEL 25.GEMIDDELDE BOERDERY INKOMSTE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>£.</u>
Ontvangstes	1121
Uitgawes	614
Boerdery Inkomstes	<u>507</u>

Uit Tabel 25 blyk dit dus, dat nadat die boere alle onkos- te bestry het uit hulle ontvangste, hulle op die jaar se besigheid nog gemiddeld £507 oorgehad het, waaruit rente op die belegging nog betaal moet word.

Die skommelinge in boerdery inkomste volg in Tabel 26.

TABEL 26.GROEPERING VAN BOERDERYE VOLGENS BOERDERY INKOMSTE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Boerdery Inkomste.</u>	<u>Aantal Gevalle.</u>	<u>Gemiddelde Boerdery Inkomste.</u>
£ 0 - 200	7	£ 117.7
201 - 400	9	290.0
401 - 600	8	482.10
601 - 800	6	746.10
801 en meer	4	1377.11
<u>Totaal</u>	<u>34</u>	

Die verdeling volgens boerdery inkomste is reëlmatig, want daar is 7 boerderye wat minder as £200 inkomste gehad het met 'n gemiddelde boerdery inkomste van £117.7 per boerdery, 9 was tussen £201 - 400 met 'n gemiddelde van £290, 8 tussen £401 - 600 met 'n gemiddelde van £482.10, 6 tussen £601 - 800 met 'n gemiddelde van £746.10 en 4 boerderye het 'n boerdery inkomste van £801 en meer gehad of gemiddeld £1377.11 per boerdery.

ONDERNEMERSLOON.

Die ondernemersloon is die oorskot nadat rente op die kapitaalbelegging uit die boerdery inkomste betaal is.

Dit is onmoontlik om die doeltreffendheid van 'n groot plaas met die van 'n klein plasje te vergelyk as rente op kapitaal belê nie van die boerdery inkomste afgetrek is nie. Die boerde- ry inkomste op 'n groot plaas sal in alle waarskynlikheid groter

wees as op 'n klein plasië, omdat daar in eersgenoemde geval baie meer kapitaal belê is. Volgens streng besigheidsbeginsels moet 'n ondernemer in albei gevalle eers rente op sy kapitaal betaal, alvorens hy weet wat hy as ondernemer uit die boerdery gemaak het.

Die ondernemersloon dien as beloning van die boer, vir sy arbeid en bestuur vir die jaar en as vergoeding vir die risiko geneem. Terselfdertyd dien die ondernemersloon as basis om sy doeltreffendheid as bestuurder met die van ander boere te vergelyk. In Tabel 27 word die gemiddelde ondernemersloon per boerdery aangetoon.

TABEL 27.

GEMIDDELDE ONDERNEMERSLOON PER BOERDERY TE ROBERTSON  
1934-35.

Indeling	£.
Boerdery Inkomste	507
Rente @ 5%	453
Ondernemersloon	<u>54</u>

Nadat alle koste wat in die loop van die produksieproses vir die jaar 1934-35 betaal is, het die ondernemers gemiddeld nog £54 oorgehad. Dit kan nie as baie belowend beskryf word nie. Daar is egter groot skommeling in die ondernemersloon op die verskillende plase soos weerspieël in Tabel 28.

TABEL 28.

GROEPERING VAN BOERDERYE VOLGENS ONDERNEMERSLOON TE  
ROBERTSON 1934-35.

Groepering.	Aantal Gevalle.	Gemiddelde Ondernemersloon.
Minder as £ - 300	2	£ - 495.2
Minder as £ - 299 - £ 1	12	- 101.6
£ 1 - 300	16	106.9
301 en meer	4	596.7

Daar is 20 boerderye wat 'n voordelige ondernemersloon toon n.l. 16 met 'n gemiddelde van £106.9 en 4 met gemiddeld £596.7, terwyl 14 ondernemers nie alleen verniet moes werk; maar boonop nog kapitaal moes vind om rente te betaal, n.l. 12 gemiddeld £ - 101.6 en 2 die groot som van £ - 495.2.



BEDRYFSWINS.

Behalwe die inkomste wat tot dusver bespreek is, is daar nog ander voorregte uit die boerdery, wat die ondernemer en sy gesin geniet, wat ook 'n bron van inkomste op die boerdery kapitaal is, en wat by die berekening van die finale resultaat uit die boerdery in aanmerking geneem moet word.

Die boer het bevoorbeeld die huis wat hy gebruik; dan is daar nog die produkte wat in die huis gebruik word, wat gewaardeer is teen plaasprys, d.w.s. die prys waarvoor die produkte verkoop kan word, min koste van bemarking. Die waarde van behuising is verkry deur 8% van die waarde van die woonhuis te neem. In Tabel 29 word die plaasvoorregte ontleed.

TABEL 29.GEMIDDELDE WAARDE VAN BOERDERY-VOORREGTE TE ROBERTSON

<u>Voorregte.</u>	<u>Waarde.</u>
Huisvesting	£ 43.0
Dierlike Produkte	62.1
Vrugte en Groente	19.9
Ander	15.4
<u>Totaal</u>	<u>140.4</u>

Oor die algemeen soos voorheen aangetoon, kan gesê word, dat die boere in die Robertsonse gebied nie baie kapitaal in die woonhuise belê het nie. Die koste van behuising is slegs £43. By dit is daar nog £62.1 aan die boer en sy gesin gelewer in die vorm van dierlike produkte en £19.9 aan groente en vrugte.

Die totale waarde van voorregte is £140.4 en as dit by die ondernemersloon gereken word, dan word die bedryfswins soos in onderstaande Tabel uiteengesit verkry.

TABEL 30.GEMIDDELDE BEDRYFSWINS PER BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>£.</u>
Ondernemersloon	54.0
Voorregte	140.4
<u>Bedryfswins</u>	<u>£ 194.4</u>

Met die in aanmerking neem van die waarde van voorregte en die ondernemersloon is die inkomste verhoog en gee dit 'n bedryfs-wins van gemiddeld £193.4 per boerdery.

MEET VAN DOELTREFFENDHEID.

Die feit dat 'n wins op die jaar se bedrywigheid gemaak is, is van min waarde, as die doeltreffendheid nie gemeet is volgens bepaalde vorms nie. Die twee geskikste maatstawwe is ongetwyfeld

- (a) Die inkomste per £100 belê.
- (b) Die kapitaal Omset.

(a). INKOMSTE PER £100 BELÊ:

Om die doeltreffendheid van 'n boerdery te meet, kan 'n sekere waarde aan die boer toegeken word, wat in beslag geneem kan word deur sy plaasorganisasie en dit as 'n uitgawe te neem. Die som van die totale uitgawes word afgetrek van die totale ontvangste en word die resultaat dan as 'n persentasie uitgedruk van die totale kapitaalbelegging soos in Tabel 31.

TABEL 31.

PERSENT INKOMSTE OP BELEGDE KAPITAAL PER BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.
Aantal boerderye	34
Uitgawes	£ 614.0
Waarde van boer se tyd	£ 135.0
Totale uitgawes	£ 749.0
Ontvangste	£1121.0
Inkomste op Kapitaal	£ 372.0
Gemiddelde Kapitaal belê	£9054.4
Inkomste per £100	4.1%

Die kapitaalbelegging was vir die jaar 1934-35 die som van £9054.4 en die inkomste daarvan verkry was £372 of 4.1%.

Bostaande Tabel het nie die voorregte wat die boer en sy familie geniet ingesluit nie. 'n Mens sal verwag dat sodra jy dit ook insluit, dit wel deeglik 'n invloed sal uitoefen op die persentasie inkomste op die belgde kapitaal. Dit word in Tabel 32 aangetoon.

(32).

TABEL 32.

INVLOED VAN VOORREGTE OP DIE PERSENTASIE INKOMSTE OP DIE  
BELEGDE KAPITAAL TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.
Aantal boerderye	34
Uitgawes	£ 614.0
Waarde van boer se tyd	£ 135.0
Totale uitgawes	£ 749.0
Ontvangstes	£1121.0
Voorregte	£ 139.4
Totale ontvangstes	£1260.4
Totale inkomste op kapitaal	£ 511.4
Gemiddelde kapitaal belê	£9054.4
Inkomste per £100	5.6%

Die invloed wat die voorregte uitoefen kan dus duidelik waar geneem word. Op die kapitaalbelegging van £9054.4 gemiddeld per boerdery is die persentasie van 4.1% as die voorregte nie bygereken word, verhoog tot 5.6% as die voorregte in aanmerking geneem word.

(b). KAPITAAL OMSET:

Die strewe van elke boer behoort te wees om die ontvangste uit sy boerdery so gou as moontlik gelyk te kry met die hoeveelheid kapitaal in sy besigheid belê. Hoe groter die ontvangste in verhouding tot die kapitaalbelegging, hoe korter is die omloopsperiode van die kapitaal, of die kapitaal omset. In Tabel 33 word die kapitaal omset weergegee.

TABEL 33.

KAPITAAL OMSET PER BOERDERY TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.
Gemiddelde kapitaal belê	£ 9054.4
Ontvangste	£ 1121.0
Kapitaal omset (Jaar)	8.0
Ontvangste en Voorregte	£ 1260.4
Kapitaal omset (Jaar)	7.2

Uit voorgaande Tabel word dit duidelik dat as die voorregte nie bygereken word nie, dan neem dit die Robertsonse Sultana boer 8 jaar om sy ontvangste gelyk te kry aan die kapitaal belê.

Waar die voorregte bygereken word, word die periode van 8 jaar na 7.2 jaar verkort.

FINANSIEËLE OPSOMMING:

In Tabel 34 word 'n opsomming gegee van die finansieële uiteensetting van die Sultana boerdery te Robertson.

TABEL 34.FINANSIEËLE OPSOMMING PER BOERDERY VAN 34 SULTANA-BOERDERYE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>£.</u>
<b>(A). <u>GEMIDDELDE KAPITAAL BELEGGING:</u></b>	
Grond	6664.7
Geboue	984.2
Permanente Verbeterings	574.5
Lewende Hawe	400.8
Masiene en Gereedskap	430.2
<b>Totale Kapitaal Belegging</b>	<b>9054.4</b>
<b>(B). <u>GEMIDDELDE ONTVANGSTES:</u></b>	
Oeste Verkoop	980.0
Lewende Hawe Vermeerdering	17.0
Lewende Hawe Verkoop	47.0
Lewende Hawe Produkte Verkoop	70.0
Subsiedie	7.0
<b>Totale Ontvangstes</b>	<b>1121.0</b>
<b>(C). <u>GEMIDDELDE UITGAWES:</u></b>	
Arbeid	286.3
Repareer	36.6
Vervoer	41.2
Moter en Lorrie Koste	37.5
Besproeiing	10.1
Misstowwe	29.0
Belastings	10.9
Swael en Loog	7.5
Diere Gekoop	8.2
Dors en Maal	9.4
Vaste Kapitaal en Gereedskap Vermindering	67.8
Lewende Hawe Vermindering	7.9
Voer en Saad	13.6
Ander	48.0
<b>Totale Uitgawes</b>	<b>614.0</b>
Boerdery Inkomste	507.0
5% Rente op Kapitaal	453.0
Ondernemersloon	54.0
Voorregte	139.4
Bedryfswins	193.4
Waarde van Ondernemer se Tyd	135.0
Persentasie Inkomste op Kapitaal sonder Voorregte (%)	4.1
Persentasie Inkomste op Kapitaal met Voorregte (%)	5.6
Kapitaal omset sonder Voorregte (Jaar)	8.0
Kapitaal omset met Voorregte	7.2

PRODUKSIE KOSTE.

In die Robertson streek speel die maak van Sultana rosyntjies 'n belangrike rol, omdat baie boere hiervan afhanklik is vir hulle bestaan. Dit is dus nodig om hierdie produk meer breedvoerig te bespreek en veral die koste van produksie te bepaal en moontlike verbeterings wat kan lei tot 'n verhoging van die netto resultaat, voor te stel.

By die berekening van die produkte<sup>die</sup> koste van Sultana rosyntjies moet dit eers verduidelik word dat aangesien Sultana wingerdstokke 'n meerjarige gewas is en aangesien die studie slegs oor een jaar gaan, was dit alleen moontlik om die produksie koste van draende wingerdstokke te vergelyk. Die regte metode sou wees om die aanplant, die bewerking en ander kostes gedurende die 2 - 3 jaar wat die stokke nie dra nie ook in aanmerking te neem, en ook die periode wat die stokke nog nie in volle drag is nie. Dit sal die produksie koste dus effens verhoog. Dit sou miskien die beste wees om die totale koste te bereken voordat die stokke in volle drag is, en dan die aantal jare wat die Sultana stok in drag sal bly te beraam, en dan vir elke jaar 'n deel toe te ken van die koste voor dit in drag was. Dit egter kan met so 'n studie soos hierdie nie gedoen word nie, en kan die koste alleen bereken word oor die jaar se data.

Die berekening van die produksie koste is gemaak per morg, per 1000 stok en per pond Sultana rostyntjies.

Laasgenoemde twee sal die doeltreffendste wees, omrede die produksie koste per morg misleidend kan wees, daar nie orals dieselfde wydtes gebruik is by die uitplant van die stokke nie. In Tabel 35 word die produksie koste uiteengesit.

(35).

TABEL 35.GEMIDDELDE UITGAWES PER LB., PER 1000 STOK EN PER MORG IN DIE PRODUKSIE VAN SULTANA ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.		Gemiddeld per Boerdery.	
		Ongeswael.	Geswael.
Hande Arbeid	£	27. 9. 3	52. 8. 5
Diere Arbeid	£	1.12. 7	3. 3. 1
Misstawwe	£	6. 7.10	14. 8. 3
Belastings	£	2.16. 1	11.11. 5
Rente	£	30. 0. 5	59.17. 9
Slytasie op Gereedskap	£	5. 6. 2	12. 1. 1
Loog	£	0.19. 9	2. 5. 4
Swael	£	1.10.11	6. 2. 7
Sakke	£	0.18. 9	1. 5. 1
Ander	£	0. 9.10	0.14. 5
<b>Totaal Koste</b>	<b>£</b>	<b>77.11. 7</b>	<b>163.17. 5</b>
Prod. Sultanas (lb.)		13,932	30,772
Prod. Koste per lb. (pennies)		1.3	1.3
Draende Stokke		8,980	16,171
Koste per 1000 Stok (£)		8.11. 1	10. 3. 4
Morge Sultanas		2.05	3.6
Koste per Morg (£)		37.13. 5	45.17. 7

Daar word onderskei tussen geswaelde en ongeswaelde Sultanas omrede daar plase was wat net ongeswaelde Sultana rosyntjies gemaak het, ander weer net geswaelde en sommige het beide ongeswaelde en geswaelde rosyntjies gemaak.

UITGAWES:Arbeid.

Die arbeid is op één na die grootste uitgawe en veral die hande arbeid. In die jaar 1934-35 is daar by ongeswaelde Sultana rosyntjies £27. 9. 3 en by geswaelde Sultana rosyntjies £52. 8. 5 gemiddeld per boerdery spandeer. Dit is ook maklik te verstaan aangesien min arbeidsparende masienerie by die Sultana nywerheid kan aangewend word. Meestal moet alles met die hand gedoen word. In Tabel 36 word 'n voorstelling gegee waaruit die hande arbeidskoste bestaan.

TABEL 36. /

(36).

TABEL 36.

HANDEARBEID AANGEWEND IN DIE PRODUKSIE VAN ONGESWAELEDE  
EN GESWAELEDE SULTANA ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld Arbeidsure per Boerdery.			
	Ongeswael.		Geswael.	
	Man-ure.	Persentasie.	Man-ure.	Persentasie.
Snoei	436	19.9	904	21.5
Bemesting	69	3.2	96	2.3
Grondbewerking	628	28.7	1258	30.0
Plaasbestryding	41	1.9	69	1.6
Oes en Maak	1015	46.3	1856	44.6
<b>Totaal</b>	<b>2189</b>	<b>100.0</b>	<b>4183</b>	<b>100.0</b>
Per 1000 stok	243.7		258.7	
Per morg	1067.8		1161.9	


Uit bostaande Tabel kan die handearbeids uitgawe op die verskillende stadiums van ongeswaelde en geswaelde Sultana rosyntjies vergelyk word. Dit blyk dat die uitgawes by die oes en maak in albei gevalle die hoogste uitgawe pos is. By ongeswaelde Sultanas was daar uit 'n totale hande arbeidsuitgawe van 2189 man-ure nie minder dan 1015 man-ure of 46.3% wat gegaan het vir "oes en maak", by geswaelde Sultanas was dit 1856 man-ure of 44.6% van 'n totale uitgawe van 4183 man-ure. Dan volg grondbewerking wat by ongeswaelde Sultanas 628 man-ure of 28.7% van die totaal was, by geswaelde Sultanas was dit 1258 man-ure of 30%. Wat snoei betref was dit by ongeswaelde Sultanas 436 man-ure of 19.9% en by geswaelde Sultanas 904 of 21.5%. By bemesting en plaagbestryding was die uitgawe relatief klein n.l. 69 man-ure of 3.2% en 41 man-ure of 1.9% by ongeswaelde Sultanas en 96 man-ure of 2.3% en 69 man-ure of 1.6% by geswaelde Sultanas respektiewelik.

Dit blyk ook dat die wingerde wat gebruik word vir die maak van geswaelde Sultanas meer intensief bewerk word, dan die wat nie geswael word nie. By eersgenoemde was die man-ure 258.7 man-ure per 1000 stok en 1161.9 man-ure per morg en by laasgenoemde 243.7 en 1067.8 man-ure.


In Grafieke 4 en 5 word 'n grafiese voorstelling gegee van die persentasie hande arbeidskoste op die verskillende werksaamhede van beide ongeswaelde en geswaelde Sultana rosyntjies respektiewelik.

GRAFIEK 4.

GRAFIESE VOORSTELLING VAN PERSENTASIE HANDE ARBEIDS KOSTE  
OP VERSKILLENDE STADIUMS BY ONGESWAELE SULTANA ROSYNTJIES  
TE ROBERTSON 1934-35.



GRAFIESE VOORSTELLING VAN PERSENTASIE HANDE ARBEIDS UITGAWE  
OP VERSKILLENDE STADIUMS BY GESWAELE SULTANA ROSYNTJIES TE  
ROBERTSON 1934-35.



In Tabel 37 word die ontleding van die arbeid gedoen.



(38).

TABEL 37.

DIERE ARBEID AANGEWEND IN DIE PRODUKSIE VAN GESWAELEN  
EN ONGESWAELEN SULTANA ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.			
	Ongeswael.		Geswael.	
	Muilure.	Persentasie.	Muilure.	Persentasie.
Snoei	11	3.4	45	7.1
Bemesting	67	20.7	83	13.1
Grondbewerking	11	3.4	164	25.8
Plaagbestryding	-	-	-	-
Oes en Maak	234	72.5	342	54.0
<b>Totaal</b>	<b>323</b>	<b>100.0</b>	<b>634</b>	<b>100.0</b>
Per 1000 Stok	35.9		39.2	
Per Morg	157.7		176.1	

Uit bostaande Tabel is dit duidelik dat daar in die eerste plaas meer diere-arbeid gemiddeld per boerdery gebruik is by die geswaelde Sultanas dan by die ongeswaelde Sultanas - by eerge-noemde was dit gemiddeld 634 muilure en by laasgenoemde 323 muilure. Die rede hiervoor is dat die geswaelde Sultana boerderye groter is dan die ongeswaelde Sultana boerderye. By laasgenoemde sal daar dus minder diere arbeid gebruik word, veral wat grondbewerking betref word daar baie meer met diere in die wingerd gewerk waar die rosyntjies geswael word, omrede dit meer 'n ekonomiese bewerking is, aangesien arbeidskoste te hoog sal wees as met die hand bewerk word. In Tabel 36 het dit geblyk dat by geswaelde Sultana plase was daar 4183 manure teenoor 2189 manure op die ongeswaelde boerderye.

In Tabel 37 kom dit ook uit dat die grootste diere-arbeid uitgawe by die oes en maak aangetref word. By die ongeswaelde Sultana boerderye was dit 234 muilure of 72.5%, en by die geswaelde Sultana boerderye 342 muilure of 54%. Bemesting was 67 muilure of 20.7% en 83 muilure of 13.1% respektiewelik op die ongeswaelde en geswaelde Sultana boerderye. Dit word gevolg deur snoei en grondbewerking waar dit 11 muilure of 3.4% was in albei gevalle wat ongeswaelde Sultana boerderye betref en 45 muilure of 7.1% en 164 muilure of 25.8% respektiewelik op die geswaelde Sultana boerderye. Daar was geen diere-arbeid gebruik in verband

met plaagbestryding nie. Hier ook word meer muil-ure per morg en per 1000 stok gebruik op die wingerde waarvan die rosyntjies geswael word n.l. 176.1 en 39.2 muil-ure respektiewelik by laasgenoemde en 157.7 en 35.9 muil-ure respektiewelik by wingerde waarvan die rosyntjies nie geswael word nie.

#### Misstowwe.

Die bemestings-koste skyn uiters laag te wees. Dit was gemiddeld vir al die boerderye slegs £6. 7.10 by ongeswaelde Sultanas en £14. 8. 3 by die geswaelde Sultana boerderye. As egter onthou word dat die gronde nog baie vrugbaar is en dat daar oor die algemeen dus maar min misstowwe gegee word, kan dit goed verstaan word.

Daar is enkele boere wat baie min misstowwe gee - gewoonlik gaan die hoeveelheid wat gegee word gepaard met die finansieële resultate wat daar die vorige jaar uit rosyntjies gemaak is.

Baie keer word die wingerdlote in die grond in gespit, dit dien egter alleen om die grond fiesies te verbeter en het dit geen noemenswaardige miswaarde nie.

#### Belastings.

Aan belastings is die uitgawe nie baie hoog nie. Vir die jaar 1934-35 was die deel van die belastings wat op die rekening van die Sultana rosyntjies moes kom slegs £2.16. 1 vir ongeswaelde Sultana rosyntjies en £11.11. 5 vir geswaelde Sultana rosyntjies.

#### Rente.

Die rente-koste is die hoogste van die uitgawes. Dit kan goed verstaan word aangesien wingerdgronde baie hoog gekapitaliseer is b.v. gemiddeld £227.5 per morg. Daarby kom nog die rente op die gereedskap wat egter relatief laag is. Vir die jaar 1934-35 was dit £30. 0. 5 vir ongeswaelde en £59.17. 9 vir geswaelde Sultanas per boerdery. By laasgenoemde is dit hoër omrede daar goed ingerigte swaelhuise moet wees, en baie van die boere het trollies met spore waarin baie kapitaal belê is.

#### Slytasie op Gereedskap.

Die gereedskapskoste is weens die aard van die bedryf nie baie hoog nie n.l. £5. 6. 2 by ongeswaelde Sultana rosyntjies en

£12. 1. 1 by geswaelde Sultana rosyntjies per boerdery. Dit kom hier ook uit dat die uitgaaf by geswaelde Sultana rosyntjies hoër is dan by ongeswaelde Sultanas. Dit word daaraan toegeskryf dat by die geswaelde Sultana bedryf is daar meer gereedskap in gebruik gewees, veral die gebruik van trollies wat uitsluitlik deur die geswaelde Sultana boere gebruik word.

#### Loog.

Die uitgaaf aan loog koste is klein. By geswaelde Sultanas is dit £2. 5. 4 gemiddeld per boerdery en by ongeswaelde Sultanas £0.19. 9. By eersgenoemde is dit meer omrede daar meer Sultana rosyntjies gemiddeld per plaas gemaak is, dan by laasgenoemde.

#### Swael.

Die uitgaaf by ongeswaelde rosyntjies is £1.10.11 en by geswaelde rosyntjies £6. 2. 7 per boerdery. By laasgenoemde is dit hoër omdat rosyntjies geswael word en daar dus meer swael gebruik is.

#### Sakke.

Hierdie koste maak maar 'n klein deel uit van die totale uitgawes. By ongeswaelde rosyntjies is dit £0.18. 9 gemiddeld per boerdery en by geswaelde Sultana rosyntjies £1. 5. 1 gemiddeld per boerdery.

#### Ander Koste.

Hierdie item is ook baie gering. By ongeswaelde en geswaelde rosyntjies was dit gemiddeld £0. 9.10 en £0.14. 5 respektiewelik per boerdery. Dit bestaan meestal uit masientou wat gebruik word vir die opbind van die gevlegde stokke.

#### Opsomming.

Die totale gemiddelde koste per boerdery is £77.11. 7 vir ongeswaelde Sultana rosyntjies en £163.17. 5 vir geswaelde Sultana rosyntjies. Daar was gemiddeld per boerdery 2.05 morges onder Sultana wingerd waarvan ongeswaelde rosyntjies gemaak is en 3.6 morges onder Sultana wingerd waarvan geswaelde rosyntjies gemaak is. Die koste per morg in geval van ongeswaelde en geswaelde Sultanas was gemiddeld £37.13. 5 en £45.17. 7 respektiewelik of £8.11. 1 en £10. 3. 4 respektiewelik per 1000 stok.

Die gemiddelde getal draende Sultana druifstokke per boerdery was 25,151 waarvan 8,980 stokke gebruik was vir die maak van 13,932 lb. ongeswaelde Sultana rosyntjies en 16,171 stokke vir die maak van 30,772 lb. geswaelde Sultana rosyntjies. Die koste per lb. rosyntjies op die stasie gelewer is 1.3d beide vir geswaelde en ongeswaelde Sultana rosyntjies.

#### ONTVANGSTE:

Die groot doel van ieder boer is om die grootste moontlike inkomste te verkry op die som wat hy spandeer het vir die verkry van daardie oes; derhalwe sal dit dan ook verwag word dat die boer 'n groter inkomste sal maak uit geswaelde Sultanas omrede die uitgawes vir die verkry van die oes groter is. In Tabel 38 word die ontvangstes aangegee.

#### TABEL 38.

##### ONTVANGSTES VAN SULTANA ROSYNTJIES TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling</u>	<u>Gemiddeld per Boerdery.</u>	
	<u>Ongeswael.</u>	<u>Geswael.</u>
Morge onder Sultanas	2.05	3.6
Getal draende stokke	8980	16171
Getal stokke per morg	4380	4490
Produksie (lb.)	13932	30772
Ontvangste per lb. (pennies)	2.45	2.85
Opbrengs per 1000 stok (lb.)	1551	1903
Opbrengs per morg (lb.)	6796	8548
Ontvangste per 1000 stok (£)	15.16. 9	22.12. 0
Ontvangste per morg (£)	69. 7. 6	101. 2. 1
<u>Totale ontvangste uit rosyntjies (£)</u>	<u>142. 4. 5</u>	<u>365. 8. 4</u>

Die gemiddelde produksie per boerdery was in die geval van ongeswaelde Sultanas 13,932 lb. en by geswaelde Sultanas 30,772 lb. Dit word hier ook duidelik dat die produksie per 1000 stok by die geswaelde Sultanas hoër is dan by die ongeswaelde Sultanas n.l. 1,551 lb. per 1000 stok by laasgenoemde en 1,903 lb. per 1000 stok by eersgenoemde, terwyl dit 6,796 lb. per morg is by die ongeswaelde en 8,548 lb. per morg by geswaelde Sultana rosyntjies. Die rede hiervoor kan nie definitief verklaar word nie. Dit mag wees dat daar by die wingerdstokke wat gebruik is vir die maak van ongeswaelde Sultanas, daar baie was wat nog nie in volle drag was nie, of dit mag wees dat hierdie stokke meer mag oorgeslaan het as wat dit die geval was met die stokke wat gebruik is vir die

maak van geswaelde Sultanas. Dit is kenmerkend van Sultana-stokke om oor te slaan.

Die gemiddelde prys ontvang per lb. is hoër by die geswaelde rosyntjies as by die ongeswaelde rosyntjies n.l. 2.45d per lb. by laasgenoemde en 2.85d per lb. by eersgenoemde. Dit is nie dat daar enige kwaliteits verskil was nie, maar vir die jaar 1934-35 is hoër pryse aangebied vir geswaelde rosyntjies.

As gevolg dus van die groter produksie en die hoër prys per lb. vir geswaelde Sultanas is die ontvangstes hier ook groter dan by ongeswaelde rosyntjies n.l. £22.12. 0 per 1000 stok of £101. 2. 1 per morg by geswaelde rosyntjies en £15.16. 9 per 1000 stok of £69. 7. 6 per morg by ongeswaelde rosyntjies. Die gemiddelde totale ontvangste per boerdery uit ongeswaelde rosyntjies is £142. 4. 5 en uit geswaelde rosyntjies £365. 8. 4. Die verskil in die totale word daaraan toegeskryf eerstens dat die geswaelde Sultana wingerdplase groter is, twedens groter produksie per 1000 stok by geswaelde Sultanas en derdens hoër pryse per eenheid by geswaelde Sultanas.

Stel die ontvangstes teenoor die uitgawes.

TABEL 39.

Eenheid.	Ongeswael.			Geswael.		
	Ont- vangstes.	Uit- gawes.	Wins.	Ont- vangstes.	Uit- gawes.	Wins.
Per morg	£ 69. 7.6	37.13.5	31.14.1	101. 2.1	45.17.7	55. 4.6
Per 1000 stok	£ 15.16.9	8.11.1	7. 5.8	22.12.0	10. 3.4	12. 8.8
Per lb. rosyn- tjies (pennies)	2.45	1.3	1.15	2.85	1.3	1.55

Per morg.

Dit blyk dus dat die Robertsonse Sultana boer 'n wins van £31.14. 1 per morg gemaak het by die ongeswaelde Sultanas en 'n wins van £55. 4. 6 by die geswaelde Sultanas. Die uitgawes by die ongeswaelde was £37.13. 5 teenoor £45.17. 7 by die geswaelde. Die hoër koste aan die geswaelde is egter geregverdig deurdat dit 'n inkomste kan verskaf van £101. 2. 1 per morg teenoor £69. 7. 6 per morg by die ongeswaelde Sultanas.

Per 1000 Stok.

Die wins per 1000 stok was by die ongeswaelde £7. 5. 8 teenoor £12. 8. 8 by die geswaelde. Die koste by laasgenoemde was

£10. 3. 4 /

£10. 3. 4 per 1000 stok en by eersgenoemde £8.11. 1 per 1000 stok. Hier ook is die ontvangste van die geswaelde groter gewees n.l. £22.12. 0 per 1000 stok by die geswaelde teenoor £15.16. 9 per 1000 stok by die ongeswaelde.

Per lb.

Hier word dit gevind dat die ontvangste per lb. by die ongeswaelde Sultanas 2.45d was, die uitgawe 1.3d per lb. en die wins derhalwe 1.15d per lb. By geswaelde Sultanas was die ontvangste per lb. 2.85d, die uitgawe 1.3d per lb. en die wins 1.55d per lb.

Dit is dus duidelik dat die geswaelde Sultana rosyntjies in alle opsigte beter vergelyk dan die ongeswaelde Sultana rosyntjie en wel omdat die produksie groter is per eenheid en 'n beter prys per lb. behaal is.

FAKTORE WAT WINGEWENDHEID BEINVLOED.

Soos uit Tabel 40 blyk was daar 'n skommeling in ondernemersloon.

TABEL 40.

GROEPERING VAN BOERDERYE VOLGENS ONDERNEMERSLOON TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Gemiddelde Ondernemersloon.</u>	<u>Getal Gevalle.</u>	<u>Persentasie van totale getal Plase.</u>
Minder as £-300	-495.2	2	5.9
Minder as £-299-£-1	-101.6	12	35.3
£ 0 - 300	106.9	16	47.0
£301 en meer	596.7	4	11.8

Dit is duidelik dat 41.2% van die aantal plase 'n verlies gemaak het en 58.8% het 'n voordelige ondernemersloon gemaak. Verder kan gesien word hoedat die ondernemersloon varieër het. Die vraag is nou watter faktore het bygedra tot die groot verskille

1. GROOTTE VAN DIE BOERDERY ORGANISASIE.

(a) Besproeibare Grond.

Soos voorheen aangetoon is dit nie soseer die grootte van die plaas wat die ondernemersloon beïnvloed as die morge onder besproeiing. In Tabel 41 word invloed van die aantal morge onder besproeiing op die ondernemersloon ontleed.

TABEL 41.

VERHOUDING TUSSEN MORGE ONDER BESPROEING EN ONDER-  
NEMERSLOON TE ROBERTSON 1934-35.

Morge onder Besproeiing.	1-25	26-50	51-75	76 en meer.
Aantal gevalle	7	15	6	6
Gemiddeld aantal morge	14.5	39.6	66.2	160.6
Kapitaalbelegging (£)	4618.0	7497.0	8682.0	18500.0
Ontvangste (£)	628.19	967.0	1365.18	1842.5
Uitgawes (£)	364.19	523.9	723.17	1021.1
Boerdery Inkomste (£)	264.0	443.11	642.1	821.4
Rente (£)	231.0	375.0	434.0	925.0
Ondernemersloon (£)	33.0	68.11	208.1	-103.16

Uit bostaande Tabel is dit duidelik dat die boerderye wat min grond onder besproeiing het, d.w.s. die wat van 1-25 besproeibare morge grond het, het 'n bestaan gemaak. Met 'n gemiddelde van 14.5 besproeibare morge en 'n kapitaalbelegging van £4618 was die boerdery inkomste £264. Die rente op die kapitaal is £231, sodat die boere 'n ondernemersloon van £33 gemaak het.

Waar die gemiddelde aantal morge onder besproeiing 39.6 morge was, was die kapitaalbelegging £7497 en die boerdery inkomste £443.11. Die rente op die belegde kapitaal was £375, gevolglik het die boere 'n ondernemersloon van £68.11 gemaak.

Met 66.2 morge besproeibare grond gemiddeld per boerdery was die kapitaalbelegging £8682 en die boerdery inkomste £642.1. Die rente op die belegde kapitaal was £434 sodat die boere 'n voordelige ondernemersloon van £208.1 gemaak het.

Sodra die plase te groot word is dit nie meer betalend nie, want waar die gemiddelde aantal morge onder besproeiing 160.6 was, en die kapitaalbelegging £18500, maak die boere 'n nadelige ondernemersloon van £-103.16. Die boerdery inkomste is £821.4 maar die rente laste is £925.

Die gevolgtrekking is dat die klein boertjies wel 'n bestaan kan maak, maar dat die plase van middelmatige grootte die beste resultate lewer. Word die plase egter te groot, dan is die belegging te groot en kan die rente laste nie gedek word uit die boerdery inkomste nie.

(b) Draende Wingerdstokke.

In Tabel 42 word 'n indeling gemaak volgens die aantal draende wingerdstokke.

TABEL 42.

VERHOUDING TUSSEN AANTAL DRAENDE WINGERDSTOKKE EN ONDER-  
NEMERSLOON TE ROBERTSON 1934-35.

Aantal Wingerd- stokke in Drag.	30,000 en Minder.	30,001-60,000	60,001 en meer
Aantal gevalle	8	16	10
Gemiddelde aantal stokke	10,400	41,027	82,870
Kapitaalbelegging (£)	4,570.0	7,130.0	15,231.0
Ontvangstes (£)	589.2	893.9	1,772.8
Uitgawes (£)	356.17	530.14	880.14
Boerdery inkomste (£)	232.5	362.15	891.14
Rente op Kapitaal (£)	229.0	356.0	761.0
Ondernemersloon (£)	3.5	6.15	130.14

Op die boerderye waar daar min stokke was, d.w.s. die wat minder dan 30,000 wingerdstokke gehad het of gemiddeld 10,400 per boerdery was die belegde kapitaal £4570. Die boerdery inkomste was £232.5, die rente was £229, sodat hierdie klein boertjies 'n voordelige ondernemersloon van £3.5 kan maak.

Die boerderye wat gemiddeld 41,027 wingerdstokke het, het nie baie beter gevaar nie. Daar was 'n kapitaalbelegging van £7130 waarop die rente £356 was. Die boerdery inkomste was £362.15 sodat die boere 'n ondernemersloon van £6.15 kan maak nadat die rentekoste afgetrek is.

Die geval op die groot wingerdplase is baie anders. Waar daar gemiddeld 82,870 wingerdstokke per boerdery is, was die boerdery inkomste £891.14, die rente op 'n kapitaalbelegging van £15,231 was £761 met die resultaat dat hierdie boere 'n ondernemersloon van £130.14 kan aantoon by die einde van die jaar.

Die gevolgtrekking is dat die boerderye waar daar min stokke is, was die ontvangste nie van so 'n aard dat dit die kapitaalbelegging baie goed regverdig nie. Hoe meer stokke die boerderye het, hoe beter is die aanpassing van die arbeid tot die kapitaal, gevolglik is die ontvangste in verhouding tot die kapitaal baie gunstiger en maak hierdie boerderye 'n beter bestaan.

(c) Draende Sultana Wingerdstokke.

In Tabel 43 word 'n indeling van boerderye gemaak alleen volgens die draende Sultana wingerdstokke.



(46).

TABEL 43.

VERHOUDING TUSSEN DRAENDE SULTANA WINGERDSTOKKE EN  
ONDERNEMERSLOON TE ROBERTSON 1934-35.

Aantal Stokke in Drag.	10,000 en Minder.	10,001-20,000	20,001 en meer.
Aantal gevalle	14	14	6
Gemiddelde aantal Stokke per boerdery	6286	15642	29833
Kapitaalbelegging (£)	7448.0	9746.0	13064.0
Ontvangstes (£)	773.11	1315.10	1884.2
Uitgawes (£)	444.15	769.12	824.16
Boerdery inkomste (£)	328.16	545.18	1059.6
Rente (£)	372.0	487.0	653.0
Ondernemersloon (£)	-43.4	58.18	406.6

Uit bostaande Tabel blyk dit dat daar 14 gevalle was waar 'n verlies en 20 gevalle waar 'n wins gemaak is. Hoe groter die produksie eenheid hoe suksesvoller was die boere. By boerderye wat minder as 10,000 Sultana stokke gehad het was die ondernemersloon die kleinste, daarna het dit in elke kategorie vermeerder totdat boerderye wat meer as 20,000 stokke gehad het die grootste ondernemersloon aangetoon het n.l. £406.6 in vergelyking met £-43.4 waar minder as 10,000 stokke was.

Gepaard met die vermeerdering van draende Sultana wingerdstokke gaan 'n vermeerdering in kapitaalbelegging, groter boerdery inkomste en voordeliger ondernemersloon. Met 'n gemiddelde aantal Sultana stokke van 6286 was die kapitaalbelegging £7448, die boerdery inkomste £328.16, die rente op die belegde kapitaal £372 en gevolglik was die ondernemersloon £-43.4.

Waar daar gemiddeld 15642 draende stokke was, was die kapitaalbelegging £9746, die boerdery inkomste £545.18, die rente op die kapitaal £487 en die ondernemersloon £58.18.

Waar daar gemiddeld 29,833 draende Sultana wingerdstokke was was die kapitaalbelegging £13064, die boerdery inkomste £1059.6, rente op kapitaalbelegging £653 en die ondernemersloon gevolglik £406.6.

Die gevolgtrekking is dat die boere met 'n klein getal Sultana stokke in drag, moeilik 'n bestaan kan maak; maar dat Sultana rosyntjie produksie op 'n groot skaal hoër boerdery inkomste lewer, as gevolg van beter gebruik van kapitaal of omdat die verhouding tussen die uitgawes en die ontvangstes meer gunstiger is

1. KAPITAALBELEGGING:

As kapitaal produktief gebruik word en toestande is normaal dan behoort 'n groter belegging 'n voordeliger ondernemersloon aan te toon. In Tabel 44 word die invloed wat die kapitaalbelegging op die finansieële resultate uitoefen weergegee.

TABEL 44.

INVLOED VAN KAPITAALBELEGGING OP DIE FINANSIEËLE  
RESULTATE TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>£5000 en Minder</u>	<u>£5001-10000</u>	<u>£10001 en Meer.</u>
Aantal gevalle	8	14	12
Kapitaalbelegging (£)	3534.0	6907.0	15275
Ontvangstes (£)	527.15	851.1	1835.8
Uitgawes (£)	334.13	468.14	970.3
Boerdery Inkomstes (£)	193.2	382.7	865.5
Rente (£)	177.0	345.0	764.0
Ondernemersloon (£)	16.2	37.7	101.5
Voorregte (£)	74. 8. 5	89.10. 7	121.16.10
Bedryfswins (£)	90.10. 5	126.17. 7	223. 1.10
Bestuurdersloon (£)	111. 0. 0	131. 0. 0	156. 0. 0
Inkomste per £100 belê	2.6%	3.6%	4.7%
Kapitaal omset (jaar)	6.7	8.1	8.3

Dadelik kan dit uit bostaande Tabel gesien word, dat sodra die kapitaalbelegging toeneem, styg die ontvangste, uitgawes, boerdery inkomste, rente, ondernemersloon, bedryfswins, inkomste per £100 belê en kapitaal omset.

Daar is 8 gevalle waarvan die gemiddelde kapitaalbelegging £3534 was. Die ontvangste uit die kapitaal was £527.15 en die uitgawes in verband met die produksie was £334.13, sodat die boerdery inkomste die bedrag van £193.2 was. Die rente op die belegde kapitaal was £177 sodat hierdie boere 'n ondernemersloon van £16.2 kan maak.

Daar is 14 gevalle waar 'n gemiddelde kapitaal van £6907 belê is in boerderye, die ontvangstes is £851.1 en die uitgawes £468.14 terwyl die boerdery inkomste £382.7 is. Die rente op die kapitaal is £345 en dit laat 'n ondernemersloon van £37.7 as die rentelaste van die boerdery inkomste afgetrek is.

Verder is daar 12 boerderye waarvan die gemiddelde kapitaalbelegging £15,275 is, die ontvangstes is £1835.8 en die uitgawes £970.3, dit laat 'n boerdery inkomste van £865.5 en 'n ondernemersloon van £101.5 sodra die rentelaste van £764 afgetrek is van die

boerdery inkomste.

By die kapitaalbelegging van gemiddeld £3,534, £6,907 en £15,275 was die boerdery voorregte £74. 8. 5, £89.10. 7 en £121.16.10 respektiewelik. Dit laat 'n bedryfswins van £90.10. 5, £126.17. 7 en £223. 1.10 in elk van die kategorië respektiewelik.

Die inkomste per £100 belê was 2.6% by 'n gemiddelde belegging van £3,534; 3.6% by 'n gemiddelde belegging van £6,907 en 4.7% by 'n belegging van £15,275. Die kapitaal omset was 6.7 jaar 8.1 jaar en 8.3 jaar in dieselfde volgorde vir elk afsonderlike groep.

Die gevolgtrekking is dat by iedere vergrote belegging was die ondernemersloon meer gunstig. Elke addisionele kapitaal byvoeging was dus volkome geregverdig, en het die verhouding tussen die ontvangste en uitgawe algunstiger geword, wat weerspieël word in die ondernemersloon.

Die feit dat die ekstra kapitaal produktief aangewend is word beste weergegee uit die inkomste per £100 belê; waar dit in elke volgende kategorie groter was dan die vorige een.

Die aantal jare wat dit vir die ontvangste neem om gelyk te kom met die belegde kapitaal word groter namate die kapitaalbelegging groter word. Dit blyk dus dat hoe hoër die belegging hoe langamer is die omset tydperk. Daar moet 'n gunstige verhouding wees tussen die ontvangste en die belegging en as laasgenoemde styg, moet eersgenoemde ook in verhouding toeneem.

Dit wil egter nie sê, dat dit altyd die geval sal wees nie. Volgens die "Wet van Proporsie" wat lui, dat as al die faktore wat invloed op die resultaat mag uitoefen konstant gehou word behalwe een, dan moet elke addisionele eenheid van die wisselende faktor wat bygetel word, tenminste net soveel waarde aan die resultaat gee, as wat die ekstra eenheid kos. Sodra die ekstra eenheid meer kos, meer as die waarde van die ekstra produk wat verkry word, sal dit nie betaal om die ekstra eenheid by te voeg nie. In hierdie geval is dit kapitaalbelegging, en dit blyk uit voorgaande Tabel dat elke addisionele kapitaal byvoeging voordeliger resultate afwerp.

Daar moet /

Daar moet onderskeid gemaak word tussen die vaste kapitaalbelegging en bedryfskapitaal. Dit is wenslik dat daar die mees gunstigste verhouding tussen die twee moet wees. Faktore wat die verhouding sal affekteer is natuurlik grondpryse, tiepe van boerdery ens.

In die Robertson streek kan verwag word, dat die verhouding tussen die twee baie groot sal wees, omrede dis 'n streek wat intensief bewerk word en grondpryse is derhalwe hoog; aan die anderkant ook vereis Sultana boerdery nie baie gereedskap en masienerie nie, sodat die bedryfskoste relatief laag sal wees. By die ontleding in onderstaande Tabel kom daar interessante punte voor.

TABEL 45.

INVLOED VAN VASTE KAPITAAL BELÊ PER MORG SULTANA  
WINGERD OP DIE FINANSIEËLE RESULTAAT TE ROBERTSON  
1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.		
	£200 en Minder	£201-300	£301 en Meer.
Aantal gevalle	10	18	6
Totale kapitaalbelegging in (£) vasgoed op boerderye	6732.0	7064.0	14145.0
Morge onder Sultanas	2.1	2.7	3.1
Vaste belegging per morg (£)			
Sultanas	195.0	245.8	406.1
Ontvangstes (£)	823.5	1073.11	1767.11
Uitgawes (£)	467.17	584.9	946.19
Boerdery inkomste (£)	355.8	489.2	820.12
Rente (£)	368.0	390.0	779.0
Ondernemersloon (£)	-12.12	99.2	41.12
Inkomste per £100 belê (%)	3.5	4.9	4.6
Kapitaal omset (jaar)	8.2	6.6	8.0

Dit is duidelik dat namate die vaste kapitaal per morg Sultana wingerd styg, styg ook die totale kapitaalbelegging in vasgoed.

Daar is 10 gevalle waar daar minder dan £200 per morg Sultanas in vasgoed belê is, 18 gevalle waar daar van £201-300 belê is en 6 gevalle waar daar meer dan £300 per morg in vasgoed belê is. Die gemiddelde kapitaalbelegging in vasgoed vir elke groep is £195, £245.8 en £406.1 per morg.

Waar die gemiddelde vasgoed belegging per morg £195 was, was die ontvangste £823.5, die uitgawes £467.17 en die boerdery

(50).

inkomste £355.8. Die rentelaste was vir hierdie groep £368, gevolglik was die ondernemersloon £-12.12.

Met 'n gemiddelde belegging in vasgoed van £245.8 per morg Sultana wingerd was die ontvangste, uitgawe, boerdery inkomste, rente en ondernemersloon £1073.11; £584.9; £489.2; £390 en £99.2 respektiewelik.

Waar die gemiddelde vasgoed kapitaal belê £406.1 per morg was, was die ontvangste £1767.11, die uitgawe £946.19, die boerdery inkomste £820.12 en die rente op die kapitaal £779. As dit van die boerdery inkomste afgetrek word dan is die ondernemersloon £41.12.

Dit blyk dat die vasgoed kapitaalbelegging van £201-300 per morg Sultanas die voordeligste belegging was. Na verwagting is die boerdery inkomste op die groter kapitaalbeleggings ook groter; dog dit blyk dat die kapitaal in die laaste kategorie nie so produktief aangewend is nie.

Dit kan beste verklaar word as die inkomste per £100 belê geneem word as maatstaf. Dit was 3.5% waar minder dan £200 belê is in vasgoed per morg Sultanas, 4.9% waartussen £201-300 belê is en 4.6% waar daar meer dan £300 per morg belê is in vasgoed by Sultanas. Hiervan kan definitief vasgestel word dat die belegging in die tweede groep baie meer produktief aangewend is dan by die ander twee groepe.

As die kapitaal omset geneem word, dan was die verhouding van die ontvangste tot die belegging in vasgoed baie meer voordelig by die tweede groep, waar dit 6.6 jaar was. By groep een sal dit 8.2 jaar neem voordat die ontvangste gelyk is met die vaste belegging en by groep drie sal dit 8 jaar neem.

Die gevolgtrekking is dat kapitalisasie in rekening gehou moet word met die ontvangstes en uitgawes, asook die rentelaste. As die ontvangste in verhouding tot die uitgawe minder styg by 'n addisionele, sê £100 vaste kapitaalbelegging, dan is dit nie wenslik om die verhoogte kapitalisasie toe te pas nie. Uit die voorgaande blyk dit dus dat Sultana rosyntjie boerdery op sigself nog

(51).

sukksesvol kan beoefen word met die voorsorgmaatreël dat dit nie oorkapitaliseer word nie.

### 3. KAPITAAL OMSET.

Die kapitaal omset is die aantal jare wat dit vir die ontvangste sal neem om gelyk te word met die kapitaalbelegging. 'n Hoë ontvangste in verhouding tot die belegging beteken 'n vinnige omloop. In Tabel 46 word die invloed wat Sultana rosyntjies uitoefen op die kapitaal omset uiteen gesit.

TABEL 46.

INVLOED VAN SULTANA ROSYNTJIES OP DIE KAPITAAL OMSET  
TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>Met Sultanas.</u>	<u>Sonder Sultanas.</u>
Aantal plase	34	34
Gemiddelde kapitaal belê (£)	9,054.4	8,274.0
Ontvangstes (£)	1,121.0	912.3
Kapitaal omset (jaar)	8.0	9.0

Dit blyk uit bostaande Tabel dat die Sultana rosyntjie boerdery met sukses gebesig is in 1934-35. Waar die Sultana rosyntjie bedrywigheid op die agtergrond gelaat word is die kapitaal omset 9 jaar en waar dit wel in aanmerking kom het dit slegs 8 jaar geneem vir die ontvangste om gelyk te kom met die kapitaalbelegging wat £9054.4 was teenoor £8274.0 waar Sultana rosyntjies geignoreer is. Die ontvangstes was £1121.0 en £912.3 respektiewelik.

Die invloed wat die kapitaal omset uitoefen op die finansieële resultate word in Tabel 47 aangetoon.

TABEL 47.

INVLOED VAN KAPITAAL OMSET OP ONDERNEMERSLOON EN INKOMSTE PER £100 BELÊ TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Kapitaal Omset (Jare)</u>	<u>Gemiddeld per Boerdery.</u>			
	<u>Minder dan 6.</u>	<u>6.1 - 9</u>	<u>9.1 - 12</u>	<u>12.1 en Meer.</u>
Aantal boerderye	5	16	11	2
Gemiddelde omset jare	5.4	7.5	10.0	15.8
Kapitaal per boerdery (£)	7407.0	8750.0	8841.0	16784.0
Ontvangstes (£)	1366.11	1161.2	877.8	1060.1
Uitgawes (£)	735.8	682.17	477.8	527.11
Boerdery inkomste (£)	631.3	478.5	400.0	532.10
Rente @ 5%	370.0	437.0	442.0	839.0
Ondernemersloon (£)	261.3	41.5	-42.0	-306.10
Voorregte (£)	108.13	96.6.3	94.13.5	92.13.3
Bedryfswins (£)	369.16	137.11.3	52.13.5	-213.16.9
Bestuurdersloon (£)	162.0	138.0	125.0	100.0
Inkomste per £100 belê	6.3%	3.9%	3.1%	2.6%

Van die 34 boerderye wat besoek was, was daar 5 wat 'n kapitaal omset gehad het van 6 jaar en minder, of 5.4 jaar gemiddeld; 16 boerderye het 'n omset van 6.1 - 9 jaar gehad of 'n gemiddelde van 7.5 jaar; 11 plase het 'n omset van 9.1 - 12 jaar of 'n gemiddelde van 10.0 jaar gehad, terwyl 2 plase 'n omset gehad het van meer as 12.1 jaar of gemiddeld 15.8 jaar.

Wanneer die ontvangstes vergelyk word van die verskillende groepe dan is dit £1366.11, £1161.2, £877.8 en £1060.1 respektiewelik vir die omset van minder dan 6 jaar, 6.1 - 9 jaar, 9.1 - 12 jaar en meer dan 12 jaar. As vir dieselfde omsets jare die kapitaalbelegging in dieselfde volgorde geneem word, dan is dit £7407, £8750, £8841 en £16784. Dit is dus duidelik dat hoewel daar in die eerste drie groepe nie 'n baie groot onderskeid was wat kapitaalbelegging betref nie, het die ontvangstes tog baie groot verskille getoon. By die laaste groep was die belegging egter so groot dat dit moet volg dat die ontvangste ook groter moet wees, nogtans was die ontvangste van hierdie groep nog kleiner dan waar maar £7407 en £8750 gemiddeld per boerdery belê was.

Wat die uitgawes betref is dit £735.8, £682.17, £477.8 en £527.11 respektiewelik vir die omset jare van 6 jaar en minder, 6.1 - 9 jaar, 9.1 - 12 jaar en 12.1 jaar en meer. Dit is opmerklik dat nieteenstaande die hoogste kapitaalbelegging van £16784 by die kapitale omset van 12.1 jaar en meer is die uitgawe van £527.11 aansienlik minder dan by die ander groepe behalwe by die groep waar die omset van 9.1 - 12 jaar is.

Die boerdery inkomste is £631.3, £478.5, £400 en £532.10 vir die groepe 6 jaar en minder, 6.1 - 9 jaar, 9.1 - 12 jaar en 12.1 jaar en meer. Hier is ook die lae boerdery inkomstes opmerklik by die laaste twee groepe, waar 'n mens sal verwag dat dit hoër moet wees omrede dit 'n groter kapitaalbelegging het. Die rede waarom dit die geval is word aan die lae ontvangstes in verhouding tot uitgawes toegeskryf.

As die rentelaste van £370, £437, £442 en £839 in groepe 6 jaar en minder, 6.1 - 9 jaar, 9.1 - 12 jaar en 12.1 en meer jaar afgetrek word van die boerdery inkomste van die betrokke groep waarin dit val dan maak die boerderye 'n ondernemersloon van £261.3,

£41.5, £-42.0 en £-306.10 respektiewelik.

Wanneer die plaas voorregte bygereken word, dan is die wins £369.16 waar die omset periode 6 jaar en minder is £137.11. 3 waar die omset periode 6.1 - 9 jaar is, £52.13. 5 waar die omset 9.1 - 12 jaar is en £-213.16. 9 waar die omset periode 12.1 jaar en meer is.

Die inkomste per £100 belê was 6.3% waar die kapitaal omset 6 jaar en minder was; 3.9% waar dit 6.1 - 9 jaar was; 3.1% waar dit 9.1 - 12 jaar was en 2.6% waar kapitaal omset 12.1 jaar en meer was.

Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat hoe groter die ontvangstes is in verhouding tot die kapitaalbelegging hoe gouer is die kapitaal omset. Uitgawes moet ook in aanmerking geneem word met die oog om 'n groot inkomste per £100 te kry. Die boer moet dus noue aandag gee nie alleen aan die kapitaalbelegging nie; maar ook wat betref die ontvangstes en uitgawes, dat dit nie uit verhouding raak nie.

#### 4. ARBEIDSKOSTE.

Daar is alreeds op die belangrikheid van arbeid gewys. Die Robertsonse Sultana rosyntjie boer het in 1934-35 nie minder as gemiddeld £286.19 of 46.7% van die totale uitgawes aan arbeid spandeer nie volgens Tabel 22.

##### (a) Arbeid as Persentasie van Totale Uitgawes.

In Tabel 48 word die invloed wat die persentasie arbeid van die totale uitgawes uitoefen op die finansieële resultate weergegee.



(54).

TABEL 48.

VERHOUDING TUSSEN PERSENTASIE ARBEIDSKOSTE VAN TOTALE  
UITGAWES TOT DIE FINANSIEËLE RESULTATE TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.			
	40% en Minder	40.1-50%	50.1-60%	60.1% en Meer.
Aantal boerderye	6	13	9	6
Arbeidsuitgawe (£)	218.10	310.7	315.3	258.15
Totale uitgawe (£)	633.11	712.4	595.10	408.10
Arbeid as persentasie van totale uitgawe (%)	34.4	44.3	52.9	63.4
Morge onder Sultanas	2.8	2.9	2.2	2.3
Arbeidskoste per morg Sultanas (£)	11.14. 9	13.13.10	16. 2. 0	17.16. 0
Ontvangste per morg Sultanas (£)	68.4	83.6	72. 6. 0	72. 8. 0
Kapitaalbelegging (£)	8505.0	9555.0	9338.0	8098.0
Ontvangste (£)	1190.2	1239.11	1093.5	844.14
Uitgawe (£)	633.11	712.4	595.11	410.4
Boerdery inkomste (£)	556.11	527.7	497.14	434.10
Rente (£)	425.0	478.0	467.0	405.0
Ondernemersloon (£)	131.11	49.7	30.14	29.10
Voorregte (£)	84.19	114. 4.10	104.15. 9	62. 3.10
Bedryfswins (£)	216.10	163.11.10	135. 9. 9	91.13.10
Bestuurdersloon (£)	140.0	150.0	120.0	122.0
Inkomste per £100 belê (%)	4.9	3.9	3.9	3.8
Kapitaal omset (jaar)	7.1	7.7	8.5	9.5

Uit bostaande Tabel blyk dit, dat namate die persentasie arbeidskoste van die totale uitgawe styg, styg ook die arbeidskoste per morg Sultanas n.l. waar die persentasie arbeid van die totale uitgawe gemiddeld 34.4%; 44.3%; 52.9% en 63.4% was, was die arbeid koste per morg Sultanas vir die ooreenstemmende gevalle £11.14. 9; £13.13.10; £16. 2. 0 en £17.16. 0 respektiewelik.

Dit volg egter nie dat die ontvangste per morg Sultanas in harmonie is met die verhoogde arbeidsuitgawe per morg Sultanas nie; omrede dit gevind is dat met arbeidsuitgawes van £11.14. 9, £13.13.10, £16. 2. 0 en £17.16. 0 per morg Sultanas, was die ontvangstes per morg Sultanas £68. 4. 0, £83. 6. 0, £72. 6. 0 en £72. 8. 0 respektiewelik. Dit is dus nie soos verwag sou word dat met 'n verhoogde arbeidsuitgawe per morg die ontvangste per morg ook in verhouding styg nie. Daar bestaan dus 'n wanverhouding tussen arbeidsuitgawes en ontvangstes.

Dit is opvallend dat die hoogste boerdery inkomste gemaak word waar die persentasie arbeid van die totale uitgawes die laagste is. Met 'n gemiddelde arbeidspersentasie van 34.4%, 44.3%,

52.9% en 63.4% van die totale uitgawes was die boerdery inkomste £556.11, £527.7, £497.14 en £434.10 respektiewelik, nieteenstaande dat daar geen groot verskille in kapitaalbeleggings was nie n.l. £8505, £9555, £9338 en £8098 respektiewelik.

Die grootste ondernemersloon is gemaak waar die persentasie arbeid van die totale uitgawes die kleinste was. 'n Ondernemersloon van gemiddeld £131.11, £49.7, £30.14 en £29.10 was gemaak waar die arbeidspersentasie van die totale uitgawes gemiddeld 34.4%, 44.3%, 52.9% en 63.4% respektiewelik was.

Wat die inkomste per £100 belê betref kom dit ook uit dat waar arbeid 'n klein persentasie van die totale uitgawes uitmaak was die ontvangste per £100 belegging ook die voordeligste n.l. 4.9%, 3.9%, 3.9% en 3.8% respektiewelik van die laagte arbeidspersentasie van die totale uitgawes tot die hoogste. Dit is ook duidelik dat die omset baie sneller is waar die arbeid 'n klein persentasie van die totale uitgawes uitmaak n.l. 7.1 jaar, 7.7 jaar 8.5 jaar en 9.5 jaar met 'n gemiddelde arbeidspersentasie van die totale uitgawes van 34.4%, 44.3%, 52.9% en 63.4% respektiewelik.

Die gevolgtrekkings wat gemaak word is, dat die voordeligste boerderye, wat betref ondernemersloon, inkomste per £100 belê en kapitaal omset is die boerderye waar die arbeidsuitgawe 'n klein persentasie uitmaak van die totale uitgawes. Arbeid word nie meer produktief aangewend en word die inkomste nie met 'n addisionele arbeidseenheid toevoeging sodanig verhoog dat dit beter resultate lewer nie. Daar moet 'n voordelige verhouding wees tussen die hoeveelheid aan arbeid bestee en die totale uitgawes.

(b) Arbeid as Persentasie van Totale Ontvangstes.

Hierdie faktor blyk meer belangrik te wees dan die wat net hierbo bespreek is in verband met Tabel 48. 'n Boer mag 'n hoë persentasie arbeidsuitgawe hê van die totale uitgawe, en kan hy nog 'n goeie profyt maak; maar as die arbeidsuitgawes relatief hoog is in vergelyking met die ontvangstes, dan is die kans vir sukses maar skraal.

Dit word vandag vir die Sultana rosyntjieboer net soos vir ander boerderye 'n groot probleem as in aanmerking geneem word, dat Sultana rosyntjie pryse baie gedaal het, terwyl arbeidslone

relatief min gedaal het. Arbeidsuitgawes maak vandag 'n groter persentasie van die plaasonvangstes uit dan in die jare toe net 'n begin gemaak was met Sultana rosyntjie boerderye.

Die enigste uitweg vir die boer dus, is om die arbeid so produktief moontlik aan te wend, om hoër ontvangstes te kry, met dieselfde beskikbare arbeid; daar 'n verlaging in arbeidslone prakties nie moontlik skyn te wees nie. In Tabel 49 word die verhouding tussen die persentasie arbeidskoste van die ontvangste en die finansieële resultate weergegee.

TABEL 49.

VERHOUDING TUSSEN PERSENTASIE ARBEIDSKOSTE VAN TOTALE ONTVANGSTE EN DIE FINANSIEËLE RESULTATE TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.		
	20% en minder	21-30%	31% en meer.
Aantal boerderye	7	16	11
Arbeid as persentasie van ontvangste (%)	17.3	25.1	38.5
Morge onder Sultanas	3.7	2.6	1.9
Ontvangste per morg Sultanas (£)	79.3	83.5	76.5
Kapitaalbelegging (£)	11,349.0	9,172.0	7,427.0
Ontvangste (£)	1,638.3	1,065.0	867.4
Uitgawe (£)	737.8	553.4	624.1
Boerdery inkomste (£)	900.5	511.6	243.3
Rente (£)	567.0	459.0	371.0
Ondernemersloon (£)	333.5	52.6	-127.7
Voorregte (£)	96.1	106.6	86.5
Bedryfswins (£)	429.6	159.2	- 41.2
Bestuurdersloon (£)	155.0	130.0	130.0
Inkomste op £100 belê (%)	6.5	4.1	1.5
Kapitaal omset (Jaar)	6.9	8.5	8.6

Die 7 boerderye wat die laagste persentasie arbeidsuitgawe gehad het van die totale ontvangste, het 'n gemiddelde ondernemersloon van £333.5 gemaak in vergelyking met £52.6 en £-127.7 vir die tweede en derde groepe onderskeidelik.

Met 'n kapitaalbelegging van £11,349.0 het die 7 boere wat 'n verhouding van minder as 20% arbeidsuitgawe van die ontvangste 6.5% gemaak, 16 boere het met 'n kapitaalbelegging van £9,172 en waar 21 - 30% van die ontvangste aan arbeid spandeer was, 'n inkomste van 4.1% gemaak, terwyl slegs 1.5% gemaak is, waar arbeidskoste meer as 31% van die ontvangste was. Laasgenoemde moet hulle ontvangstes vermeerder in 'n verhouding tot arbeidsuitgawe om sodoende

beter finansieële resultate te lewer.

As die kapitaal omset as maatstaf geneem word, dan blyk dit dat daar 'n baie gunstiger verhouding is tussen die ontvangste en kapitaalbelegging by die boerderye waar die persentasie arbeidsuitgawe laag is in verhouding tot die ontvangste. Waar dit gemiddeld 17.3%, 25.1% en 38.5% was, was die kapitaal omset 6.9 jaar, 8.5 jaar en 8.6 jaar respektiewelik.

Dit kan verwag word dat 'n groter produksie per morg of per 1000 stok gepaard mag gaan met hoër arbeidsuitgawes; gevolglik sal groter produksie per morg of per 1000 stok alleen voordeliger resultate afwerp mits arbeidskoste in verhouding stadiger toeneem. Hoër produksie per eenheid arbeid met dieselfde hoeveelheid arbeid sal lei tot hoër produksie per morg en sal 'n voordelige uitwerking hê. Die belangrikheid van die uitgawes aan arbeid bestee tot die ontvangste verkry uit die arbeid kan dus nie genoeg beklemtoon word nie.

As die arbeidsrekening hoog is moet die ontvangste dit kan aantoon. Dit gebeur nie volgens Tabel 49 nie; omrede uitgawes was £553.4 in die tweede groep, terwyl die ontvangste £1065.0 was; daarenteen was die uitgawes by die laaste groep £624.1 en dit kan alleen 'n ontvangste van £867.4 oplewer. Die rede dus waarom die een groep beter resultate kan lewer moet toegeskryf word aan swak bestuur van arbeid by die swakker boerderye en/of lae produktiwiteit. Vergelyk ons die ontvangste van Sultanas per morg in die die volgorde van die laagste persentasie arbeid van die ontvangste tot die hoogste, dan is dit vir die drie groepe £79.3; £83.5 en £76.5. Dit blyk dus dat wat die produktiwiteit en gehalte betref daar wel verskille is, maar dat dit duidelik is dat dit nie alleen hierdie faktor is wat invloed uitoefen nie, omrede in die tweede groep was die ontvangste per morg hoër dan by die eerste groep en nogtans kan dit nie beter finansieële resultate lewer nie.

Dit kan dus met 'n groot mate van sekerheid beweer word, dat die swakker finansieële resultate by die plase waar die persentasie arbeid van die ontvangste hoog is, deels toegeskryf kan

word aan slegte arbeidsbestuur.

5. PRODUKTIWITEIT VAN SULTANA WINGERDE.

Die produktiwiteit van 'n eenheid wingerd het sonder meer 'n invloed op die uiteindelijke resultaat.

TABEL 50.

INVLOED VAN OPBRENGS PER 1000 STOK OP WINS PER 1000 STOK  
BY GESWAELE EN ONGESWAELE SULTANAS TE ROBERTSON 1934-35.

Indeling.	Gemiddeld per Boerdery.					
	1 - 3 ton.	3.1 - 5 ton.	5.1 ton en Meer.			
Opbrengs per 1000 Stok.	Onge- swael.	ge- swael.	Onge- swael.	Ge- swael.	Onge- swael.	Ge- swael.
Aantal gevalle	5	2	17	3	5	4
Gemiddelde produksie (ton)	2.4	1.7	3.9	3.8	6.3	6.5
Ontvangste per 1000 stok (£)	8.3	8.9	16.7	18.3	26.9	34.1
Totale koste per 1000 stok (£)	7.1	6.1	9.6	9.5	9.9	12.9
Wins per 1000 stok (£)	1.2	2.8	7.1	8.8	17.0	21.2

In elke groep is die ontvangste per 1000 stok van geswaelde Sultanas hoër dan die van ongeswaelde Sultanas; dit word deels toegeskryf aan die feit dat die uitgawes per 1000 stok by geswaelde Sultanas laer is dan by ongeswaelde Sultanas, behalwe by die laaste groep en deels kan dit daaraan toegeskryf word dat geswaelde Sultana rosyntjies beter pryse behaal het.

Daar was 5 gevalle waar ongeswaelde Sultanas tussen 1-3 ton rosyntjies per 1000 stok gelewer het en 2 gevalle van geswaelde Sultana boerderye wat dieselfde hoeveelheid opgelewer het. Die gemiddelde produksie van die ongeswaelde en geswaelde Sultana rosyntjies was 2.4 ton en 1.7 ton per 1000 stok respektiewelik. Die ontvangste per 1000 stok was £8.3 en £8.9 vir ongeswaelde en geswaelde Sultana rosyntjies respektiewelik, terwyl die koste per 1000 stok £7.1 en £6.1 respektiewelik was. Dit laat 'n wins per 1000 stok van £1.2 by ongeswaelde Sultanas en £2.8 by geswaelde Sultana rosyntjies.

Daar was 17 ongeswaelde en 3 geswaelde Sultana rosyntjie boerderye wat tussen 3.1 - 5 ton per 1000 stok opgelewer het of gemiddeld 3.9 ton en 3.8 ton per 1000 stok respektiewelik. Die ontvangste was £16.7 per 1000 stok en die uitgawe £9.6 per 1000 stok by ongeswaelde Sultana boerderye. By die geswaelde Sultana boerderye was die ontvangste £18.3 en die uitgawe £9.5

per 1000 stok. Dit gee dus 'n wins van £7.1 en £8.8 per 1000 stok vir ongeswaelde en geswaelde Sultana rosyntjies respektiewelik.

Die laaste groep bevat 5 boerderye ongeswaelde en 4 geswaelde Sultana boerderye wat meer dan 5 ton per 1000 stok produseer. Die gemiddelde produksie vir die ongeswaelde Sultana plase is 6.3 ton en by die geswaelde Sultanas 6.5 ton per 1000 stok. By eersgenoemde is die ontvangste £26.9 en die uitgawe £9.9 per 1000 stok, gevolglik is die wins per 1000 stok £17.0. By die geswaelde Sultana boerderye was die ontvangste £34.1, die uitgawe £12.9 en die wins £21.2 per 1000 stok.

Dit is duidelik beide by ongeswaelde en geswaelde Sultana plase, dat hoe groter die produksie per 1000 stok, hoe groter die ontvangste, terwyl die koste nie in dieselfde verhouding styg nie; maar dit slegs 'n geringe styging toon. Gevolglik word 'n stygende wins per 1000 stok ook aangetoon.

In Tabel 51 word die invloed van opbrengs van Sultana rosyntjies op die wins per lb. weergegee.

TABEL 51.

INVLOED VAN OPBRENGS SULTANA ROSYNTJIES OP WINS PER LB. TE ROBERTSON 1934.35.

Indeling	Gemiddeld per Boerdery.					
	Minder as 5000:lb		5001 -15000:lb		15001:lb en Meer.	
Opbrengs (lb.)	Ongeswael	Geswael	Ongeswael	Geswael	Ongeswael	Geswael
Aantal gevalle	5	-	11	3	11	6
Hoeveelheid (lb)	3334	-	9959	10155	24825	41064
Ontvangste (£)	33.5	-	119.1	127.7	245.3	485.4
Uitgawe (£)	26.7	-	75.1	95.4	120.9	198.1
Netto inkomste (£)	6.8	-	44.0	32.3	124.4	287.3
Wins per lb. (pennies)	0.4	-	1.0	0.7	1.2	1.6

Uit bostaande Tabel blyk dit dat die grootste Sultana boerderye diegene is wat geswaelde Sultana rosyntjies maak, dis almal op grootskaal produksie. Daar is nie een wat minder as 5000 lb. maak nie terwyl daar 5 is wat ongeswaelde Sultanas maak. Van 5001 - 15000 lb. is daar slegs 3 wat geswaelde Sultanas maak teenoor 11 boere wat ongeswaelde maak. Daar is 6 boerderye wat meer dan 15000 lb. geswaelde Sultanas maak met 'n gemiddelde produksie van 41,064 lb. teenoor 11 boerderye met 'n gemiddelde produksie van

24,825 lb. ongeswaelde Sultanas in dieselfde groep.

Beide ontvangste en uitgawe van ongeswaelde sowel as van geswaelde Sultanas neem toe namate die produksie toeneem, dog die uitgawe nie in dieselfde verhouding nie.

Waar minder dan 5000 lb. ongeswaelde rosyntjies gemaak is, was die wins per lb., 0.4d; waar 5001 - 15000 geproduseer is, was wins by ongeswaelde en geswaelde Sultanas 1d en 0.7d per lb. respektiewelik; en waar meer dan 15000 lb. geproduseer is, was die wins 1.2d by ongeswaelde en 1.6d per lb. by geswaelde Sultana rosyntjies.

Hoe groter die produksie dus, hoe groter die ontvangste wat in verhouding tot die uitgawe sneller styg en dit dus groter winste afwerp.

#### 6. INVLOED VAN KOÖPERASIE.

Die Suid-Afrikaanse Droë Vrugte Maatskappy Bepkt., oefen ook tot 'n mate invloed uit. Dit bevorder kwaliteitsproduksie, deurdat dit sekere grade onderskei en dan daarvolgens betaal. Boere wat dus 'n goeie produk produseer sal baat daarby vind om deur die Maatskappy te bemark.

TABEL 52. (1)

INVLOED WAT S.A.D. UITOEFEN OP DIE FINANSIËLE RESULTATE  
TE ROBERTSON 1934-35.

<u>Indeling.</u>	<u>S.A.D.</u>	<u>Koopmans.</u>
Hoeveelheid gelewer (lb)	234,089	142,086
Totale koste (£)	1189.18. 5	188.16. 6
Produksie koste		
per lb. (pennies)	1.2	1.5
Prys per lb. (pennies)	2.6	2.5
Wins per lb. (pennies)	1.4	1.0

(1) Van Boere Verkry.

Die produksie koste is laer by die boere wat hulle produkte aan die Koöperasie gelewer het, omrede daar sekere voorregte is wat die lede geniet, sakke b.v. word aan die boere geleen, waarin hulle, hulle produk kan vervoer. Die produksie koste vir die Sultana rosyntjies was 1.2d per lb; waar daar aan die S.A.D. gelewer is en 1.5d per lb. waar aan koopmans gelewer is.

Die gemiddelde prys per lb. Sultana rosyntjies is ook hoër

waar daar aan die Koöperasie gelewer word. Die Koöperasie betaal volgens graad, die boer wat dus 'n goeie produk lewer behaal hoër pryse. Die gemiddelde prys wat die boere behaal het wat in 1934 - 35 by die Droë Vrugte Maatskappy gelewer het was 2.6d per lb. terwyl die koopmans en private persone gemiddeld 2.5d per lb. uitbetaal het. Die Maatskappy stuur ook elke jaar persone rond onder die boere, om hulle op hoogte van sake te bring met die nuutste ontwikkelings in verband met die maak van die gewenste produk; sodat hulle in staat sal wees om te lewer wat die mark vereis.

VERGELYKING VAN DIE 5 BESTE SULTANA PLASE WAT DIE BESTE RESULTATE LEWER MET DIE 5 SWAKSTE TE ROBERTSON 1934-35.

In Tabel 53 is 'n vergelyking van die faktore wat die Sultana rosyntjie bedryf (ongeswael) beïnvloed van die 5 boerderye met die hoogste en die 5 met die laagste wins per 1000 stok.

TABEL 53.

VERGELYKING TUSSEN DIE FAKTORE WAT DIE SULTANA ROSYNTJIE BEDRYF BEÏNVOLOED OP DIE 5 SULTANA PLASE MET DIE HOOGSTE EN DIE 5 MET DIE LAAGSTE WINS PER 1000 STOK EN DIE GEMIDDELDE VAN ALLE GEVALLE TE ROBERTSON VIR DIE JAAR 1934-35.

Indeling.	5 Beste Sul- tana Plase.	5 Swakste Sul- tana Plase.	Gem. van alle gevalle
Morge onder besproeiing	56.0	52.6	48.9
Wingerdstokke in drag	66,484	39,358	49,069
Sultana stokke in drag	22,496	12,796	9,061
Kapitaalbelegging (£)	9,966	8,440	9,054.4
Arbeid as persentasie van uitgawes (%)	46.5	49.1	51.4
Arbeid as persentasie van ontvangste (%)	23.6	29.8	27.8
Kapitaal omset (jaar)	6.1	8.5	8.0
Opbrengs per 1000 stok (ton)	6.0	2.7	4.3
Ontvangste per 1000 stok (£)	30.9	9.6	19.5
Koste per 1000 stok (£)	10.5	9.6	10.3
Wins per 1000 stok (£)	20.4	0.0	9.2
Prys per lb. (pennies)	2.6	2.4	2.5
Prod. koste per lb. (do)	1.2	2.4	1.3
Wins per lb. (do)	1.4	0.0	1.2

Die vergelyking van die 5 beste met die 5 swakste Sultana rosyntjie plase is gebaseer op wins per 1000 stok Sultanas en wins per lb.

By die 5 beste plase was daar 56 morge grond onder besproeiing teenoor 52.6 morge en 48.9 morge op die 5 swakste en die



gemiddelde vir alle boerderye respektiewelik.

Beide die totale aantal wingerdstokke asook die totaal Sultana stokke in drag was groter by die 5 plase wat die grootste winste maak n.l. 66,484 stokke in drag en 22,496 Sultana druifstokke in drag. Op die 5 swakste plase was die ooreenstemmende syfers 39,358 en 12,796 en by die gemiddelde was dit 49,069 en 9,061 respektiewelik.

Die kapitaalbelegging was £9,966 op die 5 beste, £8,440 op die 5 swakste en £9,054.4 op die gemiddelde plase.

Daar is nie groot verskil wat betref die persentasie wat arbeid uitmaak van die totale koste. By die 5 beste plase is dit 46.5% en by die 5 swakste 49.1%, terwyl dit by die gemiddelde van alle gevalle 51.4% is. As arbeidskoste as persentasie van die totale ontvangste geneem word, dan is daar 'n taamlike groot verskil tussen die 5 beste en die 5 swakste plase veral. By eersgenoemde is dit 23.6% en by laasgenoemde 29.8%. Dit blyk dus dat arbeidskoste te hoog is by die 5 swakste plase in vergelyking met die ontvangste, die arbeid is dus onproduktief aangewend.

Wat die kapitaal omset betref is dit 6.1 jaar, 8.5 jaar en 8 jaar op die 5 beste, 5 swakste en die gemiddelde van alle plase respektiewelik. Die ontvangste vergelyk dus baie gunstiger met die kapitaalbelegging op die 5 beste plase as wat die geval is op die 5 swak plase.

Die opbrengs per 1000 stok speel blykbaar 'n groot rol op die winste. Op die 5 beste plase was dit 6 ton of £30.9; by die 5 swaksteslegs 2.7 ton of £9.6 en by die gemiddelde van alle gevalle was dit 4.3 ton of £19.5 per 1000 stok.

Wat betref die koste per 1000 stok was daar nie groot verskille nie. Vir die 3 groepe was dit £10.5, £9.6 en £10.3 op die beste, swakste en gemiddelde plase respektiewelik. Die koste per 1000 stok by die 5 beste plase was effens hoër dan op die 5 swakste plase, dog die ekstra koste is vergoed deur die hoër produksie van Sultana rosyntjies by die eersgenoemde groep. Die winste per 1000 stok is derhalwe £20.4, £0.0 en £9.2 respektiewelik vir die goeie, swak en gemiddelde plase.

As die pryse wat uitbetaal is geneem word, dan het die goeie plase 2.6d per lb. behaal, die swak plase 2.4d per lb. en die gemiddelde vir alle gevalle 2.5d per lb. Die swak plase het blykbaar produkte van 'n swakker kwaliteit gelewer en daarvandaan die laer prys per lb. Die produksie koste per lb. is vir die ooreenstemmende groepe 1.2d, 2.4d en 1.3d per lb., en die winste is derhalwe 1.4d, 0.0d en 1.2d per lb. respektiewelik.

VERGELYKING VAN DIE FAKTORE WAT DIE SULTANA BEDRYF BE-  
INVLOED OP DIE 5 ONGESWAELE SULTANA PLASE WAT DIE HOOG-  
STE WINS PER 1000 STOK GEE MET DIE 5 BESTE GESWAELE  
SULTANA PLASE.

In onderstaande Tabel word 'n vergelyking gemaak, tussen die 5 beste ongeswaelde Sultana plase en die 5 beste geswaelde Sultana plase; die basis van vergelyking is volgens wins per 1000 stok en wins per lb.

TABEL 54.

VERGELYKING TUSSEN FAKTORE WAT DIE SULTANA BEDRYF BE-  
INVLOED OP DIE 5 BESTE ONGESWAELE SULTANA PLASE, MET  
DIE 5 BESTE GESWAELE SULTANA PLASE TE ROBERTSON  
1934-35.

Indeling.	5 Beste Ongesw. Sultana Plase.	5 Beste Gesw. Sultana Plase.
Aantal wingerdstokke in drag	69,080	65,544
Aantal Sultana stokke in drag	22,500	23,396
Kapitaalbelegging (£)	9,647	11,248
Arbeid as persentasie van uitgawe (%)	45.2	42.7
Arbeid as persentasie van ontvangste (%)	23.6	22.9
Kapitaal omset (jaar)	6.1	7.1
Opbrengs per 1000 stok (ton)	5.9	6.0
Ontvangste per 1000 stok (£)	26.1	28.8
Koste per 1000 stok (£)	8.7	11.6
Wins per 1000 stok (£)	17.4	17.2
Prys per lb. (pennies)	2.6	2.9
Koste per lb. (pennies)	0.9	1.2
Wins per lb. (pennies)	1.7	1.7

Uit bostaande Tabel blyk dit dat daar 69,080 stokke in drag en 22,500 Sultana stokke in drag was by die ongeswaelde Sultana plase, teenoor 65,544 stokke in drag en 23,396 Sultana wingerdstokke in drag by die geswaelde Sultana plase. Die kapitaalbelegging is ook £9,647 en £11,248 respektiewelik.

Arbeid as persentasie van die totale uitgawe is 45.2% by die ongeswaelde Sultana plase teenoor 42.7% by die geswaelde Sultana plase. Waar arbeid as persentasie van die ontvangste

gereken word is dit 23.6% en 22.9% respektiewelik.

Wat kapitaal omset betref is daar ook geen groot verskil nie n.l. 6.1 jaar by die ongeswaelde en 7.1 jaar by die geswaelde Sultana plase.

Dit blyk dat daar bykans geen verskil is wat die opbrengs in tonne betref nie n.l. 5.9 ton teenoor 6.0 ton per 1000 stok. Die ontvangste per 1000 stok toon egter 'n ruimer verskil, wat daar aan toegeskryf moet word, dat die geswaelde Sultanas 'n beter prys behaal het dan die ongeswaelde Sultanas n.l. 2.9d per lb. vir eersgenoemde teenoor 2.6d per lb. vir laasgenoemde. Die ontvangste per 1000 stok was derhalwe £28.8 en £26.1 respektiewelik.

Die koste per 1000 stok en per lb. is groter by die geswaelde Sultanas dan by die ongeswaelde n.l. £11.6 per 1000 stok of 1.2d per lb. teenoor £8.7 per 1000 stok of 0.9d per lb. by ongeswaelde Sultanas. As die koste dus van die ontvangste afgetrek word, dan is daar geen verskil wat betref die winste per 1000 stok en per lb. nie. Dis n.l. £17.4 by ongeswaelde en £17.2 by geswaelde Sultana plase per 1000 stok en 1.7d per lb. beide by geswaelde en ongeswaelde Sultana plase, omrede die prys wat per lb. betaal is 2.6d en 2.9d per lb. respektiewelik was by die ongeswaelde en geswaelde Sultanas.

Die gevolgtrekking wat uit bostaande gegewens uitkom, is dat daar 'n noue ooreenstemming te bespeur is tussen die ongeswaelde en die geswaelde Sultana plase, en kan dit afgelei word dat die sukses van beide deur dieselfde faktore beïnvloed word.

#### OPSOMMING EN SLOT.

Uit die voorgaande bespreking het dit geblyk dat Sultana rosyntjie boerderye sekere eise stel vir suksesvolle beoefening. Dit het ook geblyk dat die Robertson streek tot 'n groot mate aan die eise voldoen n.l. wat natuurlike, ekonomiese en biologiese voorwaardes betref. Hierdie gunstige faktore werk dus hoë produksie in die hand, vandaar ook dat Robertson die grootste

Sultana rosyntjie produserende distrik is.

Voordat enige waarde kan geheg word aan die resultate deur so 'n studie verkry, is dit wenslik dat die omstandighede van die studie tydperk in aanmerking geneem word. Dit blyk uit die gegewens ter beskikking dat die jaar 1934-35 heeltemal 'n gematigde jaar was, en dat die uiterste vorme van enige abnormaliteit afwesig was.

Die ontleding van die boerdery organisasie het aan die dag gebring, dat wingerdboerdery die vernaamste bedryfstak is en dat Sultana rosyntjies in hierdie bedryfstak 'n vername rol speel.

Die gemiddelde grootte is 405.1 morges per boerdery. Dit op sigself is nie van baie groot betekenis nie, omrede dit baie onproduktiewe grond bevat. Die deel wat vir die Robertsonse boer van belang is, is die bewerkte deel wat gemiddeld 68 morges of slegs 16.8% van die totale plaasoppervlakte uitmaak. Hiervan is gemiddeld 60.5 morges per boerdery onder besproeiing waarop hoofsaaklik wingerd verbou word. Veehouding word as 'n goeie aanvullende bedryfstak by die wingerdbedryf beskou, en meer diereenhede gemiddeld per boerdery gaan saam met 'n toename in die aantal morges onder veld en weiding.

Die kapitaalbelegging is gemiddeld £9,054.4 per boerdery waarvan £8,223.4 of 90.6% per boerdery belê is in vaste kapitaal-goedere en £831.0 of 9.4% in losgoed kapitaal. Van 'n gemiddelde kapitaalbelegging van £8,223.4 per boerdery is £6,664.7 belê in grond, £984.2 in geboue en £574.5 in permanente verbeterings, terwyl van 'n gemiddelde van £831.0 in losgoed daar £400.8 belê is in lewende hawe en £430.2 in plaasgereedskap.

Die gemiddelde ontvangste per boerdery is £1,121 waarvan £980 uit oeste alleen ontvang is, waarvan die gemiddelde ontvangste uit wingerde alleen £821.9 per boerdery is. Die ontvangste uit die Sultana druifsoort maak die grootste deel van die ontvangste uit wingerde uit n.l. gemiddeld 29.4%. Verreweg die grootste gedeelte van die ontvangste van die Sultana druifsoort word in Sultana rosyntjies omgesit n.l. 85.4% waarvan 45.6% in die vorm van ongeswaelde Sultana rosyntjies was en 39.8% in die geswaelde vorm.

Die gemiddelde uitgawe is £614 per boerdery, waarvan die aan arbeid alleen £286.3 of 46.7% was. Die meeste is aan gekleurde arbeiders spandeer n.l. £221.8 gemiddeld per boerdery. Aan vaste arbeid is gemiddeld £233.2 en aan seisoen arbeid £53.1 per boerdery spandeer.

Uit die finansieële opsomming blyk, dat nadat alle uitgawe uit die ontvangste bestry is, die gemiddelde boerdery inkomste £507 per boerdery was. Nadat 'n gemiddelde rente van £453 per boerdery van die boerdery inkomste afgetrek is, was die gemiddelde ondernemersloon £54.

Die boerdery voorregte was gemiddeld £140.4 per boerdery met die gevolg dat die bedryfswins op gemiddeld £194.4 per boerdery te staan gekom het. Die inkomste per £100 kapitaal belê is gemiddeld 4.1% per boerdery sonder die voorregte en 5.6% as voorregte bygereken word. Die kapitaal omset is 8 jaar en 7.2 jaar respektiewelik waar voorregte nie bygereken is en waar dit wel bygereken is.

Die produksie koste per lb. Sultana rosyntjies is 1.3d beide vir geswaelde en ongeswaelde Sultana rosyntjies. By ongeswaelde Sultana rosyntjies is die koste per 1000 stok £8.11. 1 en per morg £37.13. 5 terwyl dit by geswaelde Sultana rosyntjies £10. 3. 4 per 1000 stok en £45.17. 7 per morg is. Die ontvangste vir ongeswaelde Sultana rosyntjies is 2.45d per lb., £15.16. 9 per 1000 stok en £69. 7. 6 per morg. Vir geswaelde Sultana rosyntjies is dit 2.85d, £22.12. 0 en £101. 2. 1 respektiewelik. Gevolglik is die wins by ongeswaelde Sultana rosyntjies 1.15d per lb., £7. 5. 8 per 1000 stok en £31.14. 1 per morg teenoor 1.55d per lb. £12. 8. 8 per 1000 stok en £55. 4. 6 per morg by geswaelde Sultana rosyntjies.

Die vraag ontstaan nou watter faktore bepaal die sukses van die boerderye en wat staan die Robertsonse rosyntjie boer te doen om sy finansieële posisie te verbeter?

Uit die ontleding kom dit te voorskyn dat hoe groter die boerderye was, hoe voordeliger was die ondernemersloon. Onder die grootte van boerderye word ingesluit die aantal morge onder

besproeiing, aantal draende wingerdstokke en aantal draende Sultana wingerdstokke. Waar die aantal morge onder besproeiing as 'n maatstaf van die grootte van die boerdery organisasie geneem word, kom dit voor dat die klein boertjies wel 'n bestaan kan maak; maar dat die middelmatige groot plase baie voordeliger resultate lewer. Waar die plase weer baie groot is, was boerdery nie betaalbaar nie. Die boer moet dus sorg dat hy nie meer morge grond onder besproeiing sit as wat hy voordelig kan bewerk nie. Besproei-bare grond gaan saam met groot kapitaalbelegging, en as daardie grond nie produktief aangewend word, sodat dit die uitgawes kan bestry nie, dan word die boerdery onbetalend, soos uit die studie blyk in die geval waar die aantal morge onder besproeiing baie groot was.

Waar die aantal draende wingerdstokke as maatstaf van die grootte van die boerdery organisasie geneem word kom dit voor dat hoe meer stokke hoe betalender was die boerdery. Dit wil dus hieruit blyk dat die rigting in meer wingerd-aanplanting lê, vir die verkry van beter finansieële resultate. In hoever dit die beleid van die K.W.V. raak, wat die voortbestaan van die wingerd-bedryf in die beperking van die aanplant van wingerdstokke sien, is 'n ander aspek van die saak wat nie hier kan aangeraak word nie.

Dieselfde verskynsel hierbo genoem, word by die Sultana - druif boerdery aangetref, hoe meer Sultana stokke daar is, hoe gunstiger is die resultate aan die einde van die jaar.

Uit die studie blyk ook dat die Robertson boerderye nog nie oorgekapitaliseer is nie, omrede dat boere voordeliger resultate verkry met 'n groter kapitaalbelegging. Die verhouding tussen uitgawe en ontvangste is in 'n meer gunstige verhouding tot mekaar by 'n groter kapitaalbelegging. Dit baat die boer niks as sy plaas ondergekapitaliseer is nie, dit meen dat hy nie uit die plaas haal waartoe dit instaat is om te lewer nie.

Die vraag het al baie by die boere ontstaan of hulle Sultana rosyntjies moet maak of nie. Dit is duidelik dat die maak van Sultana rosyntjies in die jaar 1934-35 definitief 'n gunstige invloed gehad het omdat die kapitaal omset 9 jaar is

waar Sultana rosyntjies uit die organisasie geskakel is, terwyl <sup>d</sup> sie omsets-tydperk 8 jaar is waar Sultana rosyntjies bygereken word.

Die kwessie van arbeid is een wat die onverdeelde aandag van die boer moet geniet, omdat dit die grootste uitgawe pos is, in bykans iedere boerdery. Sodra die verhouding van arbeids-uitgawe tot die totale uitgawe te hoog word, is die finansieële resultate nie meer gunstig nie. Die voordeligste resultate is verkry waar die uitgawe die kleinste persentasie van die totale uitgawe uitmaak. Dit baat die Robertsonse boer dus nie om addisionele arbeid aan te wend nie, as dit nie produktief toegepas word nie, en word die inkomste nie met 'n addisionele arbeidseenheid toevoeging sodanig verhoog dat dit beter resultate lewer nie. Die enigste uitweg vir die boer is om die arbeid wat in diens is tot hoër produktiwiteit te voer. ↗ Wanneer die persentasie arbeids-uitgawe tot die ontvangste laag is, is dit 'n bewys dat die beskikbare arbeid doeltreffend gebruik word wat soos gevind, die ondernemersloon die voordeligste beïnvloed. Die slotsom wat arbeid betref is dat die Robertsonse Sultana rosyntjie boer nie meer arbeiders in diens moet neem nie alvorens hy beter gebruik gemaak het van die arbeid waarvoor hy beskik nie.

Dit is ook gevind dat hoe groter die produksie per 1000 stok, hoe voordeliger die resultate. Dit is iets waaraan die boer nie baie kan doen nie. Produksie word grootliks bepaal deur die natuurlike faktore soos grond gesteldheid en reënval. Die boer kan egter sorg dat hy goeie stokke plant en dat sy wingerd deeglik bemes word.

Geswaelde Sultana rosyntjies het 'n groter ontvangste per 1000 stok opgelewer. Hieraan kan egter nie te veel waarde geheg word nie, aangesien daar gedurig relatiewe prysverskille tussen geswaelde en ongeswaelde Sultanas voorkom. Vir die betrokke jaar was die prys van geswaelde Sultana rosyntjies hoër gewees, maar vanjaar behaal die ongeswaelde Sultanas weer die hoogste pryse. Dit is dus nie billik om enige aanbevelings te maak of 'n boer ongeswaelde of geswaelde Sultana rosyntjies moet maak. Dit hang

feitlik alles van die pryse af wat daar vir elk betaal word.

Die belangrikheid kan nie genoeg beklemtoon word vir die boer om aan die S.A.D. te lewer nie, want dit kom voor dat die boer wat lid is van die maatskappy en daar lewer 'n gemiddelde wins van 1.4d per lb., maak, terwyl die wat hulle produk deur ander kanale verkoop slegs gemiddeld 1d per lb. gemaak het.

Die faktore wat reeds hierbo genoem is word feitlik saam gevat as die 5 beste met die 5 swakste Sultana boerderye vergelyk word. Wat die aantal morge onder besproeiing betref is daar nie groot verskil nie, dog die 5 beste plase het baie meer draende wingerdstokke en draende Sultana wingerdstokke en 'n groter kapitaal belegging as die 5 swakste plase. By eersgenoemde is die persentasie wat arbeid van die totale uitgawe uitmaak ook laer as by laasgenoemde. Dieselfde geld waar arbeid gebruik is as 'n persentasie van die totale ontvangste. Ook is die wins per lb. en per 1000 stok grootste by die 5 beste plase.

Waar die 5 beste ongeswaelde Sultana rosyntjie plase vergelyk word met die 5 beste geswaelde Sultana wingerd plase, is dit duidelik dat die sukses van elk <sup>deur</sup> presies dieselfde faktore bepaal word n.l. wat aantal wingerdstokke in drag, Sultana stokke in drag, kapitaalbelegging, arbeid as persentasie van ontvangste en as persentasie van uitgawe, opbrengs per 1000 stok, ontvangste per 1000 stok, wins per 1000 stok en wins per lb. betref.

As die studie oor die geheel geneem word, is dit gevind dat daar 'n groot deel van die boere is, wat nie 'n behoorlike bestaan onder die teenswoordige omstandighede kan maak nie. Sommige boere het gronde wat geskik is vir die produksie van 'n goeie Sultana rosyntjie en hulle produseer jaar na jaar goeie Sultanas. Dit word aanbeveel dat waar boere groot weiding het dat hulle meer beeste moet aanhou en met die oog op die groot ongebruikte veld wat op sommige plase is moet veral baie bokke aangehou word. 'n Meer gemengde boerdery stelsel moet beoefen word. Daar is sommige plase waar daar feitlik niks anders is as wingerde nie. Boere is te geneig om hulle garslande wat in baie gevalle 'n swakker tiepe



grond is met wingerde te beplant. Hierdie toedoen werk nie alleen in die rigting van 'n eenslag stelsel nie, maar die produktiwiteit van die wingerd op hierdie gronde is gewoonlik swak.

Waar dit enigsins moontlik is moet daar 'n paar morge onder lusern gesit word, en 'n goeie klas suiwel bees moet daar aangehou word, omdat beesboerdery as 'n bybedryf baie wenslik is, daar dit meteens meer stabiliteit aan die boerderye sal gee, t.m. as die suiwelboerdery aangevul word met die hou van varke. Dus wingerde op swak grond moet vervang word deur gars of lusern.

---